


Die Voortrekkers



vir
Penkoppe en Drawwertjies
in
Graad 6 en 7

Uitgegee deur:

Die Voortrekkers, Posbus 12542,

QUEENSWOOD 0121.

Kopiereg: Die Voortrekkers

Eerste uitgawe, eerste druk 2011

Eerste hersiening, eerste druk 2013

Tweede hersiening, eerste druk 2014

Derde hersiening, eerste druk 2015

Vierde hersiening, eerste druk 2017

ISBN 1-920124-11-X

INHOUD

WERKBOEK.....	1
EK AS MENS	5
1 Menswees.....	5
2 Kommunikasie	5
3 Groepsdruk.....	6
4 Selfbehoud	7
5 Musiek.....	9
EK IN MY OMGEWING	11
1 Noodhulp.....	11
2 Kampering.....	14
3 Spoorsny	17
4 Waarom kennis van knope en vaswoele?	18
EK AS VOORTREKKER.....	22
1 Die Voortrekkers – Landswyd	22
2 Leierskap.....	23
3 Seremonievaardighede	24
4 Die gespreksleier.....	25
5 Voortrekkerdrag en kleurstelsel	27
6 Spesialisasies.....	28
EK AS AFRIKANER.....	29
1 Tradisionele spele en danse.....	29
2 Die Afrikaanse taal.....	30
3 Helde	32
EK AS LANDSBURGER.....	34
1 Die geskiedenis van ons land en volk	34
TOEKENNINGS IN GRAAD 7	45
1 ’n Skei of ’n juk vir getroue bywoning.....	45
2 Dagbreek graadwielkenteken.....	45
3 Voorslagkenteken	45
EK AS MENS	46
1 My persoonlikheid	46
2 My herkoms	55
3 Stamboom	59
4 Selfhandhawing.....	60

5	Groepsdruk.....	62
6	My ontwikkeling as leier.....	65
EK IN MY OMGEWING		69
1	Stads- en dorpskaarte	69
2	Metodes om rigting te bepaal.....	71
3	Roetemars (nie 'n nagmars nie)	73
4	Kampering.....	73
EK AS VOORTREKKER.....		80
1	Die geskiedenis van die Voortrekkerbeweging	80
2	Grondslag.....	81
3	Die Wese	81
4	Die Voortrekkerkode.....	82
5	Die Penkop- en Drawwertjebelofte.....	83
6	Die Voortrekkerwapen.....	83
7	Die Voortrekkervlag	84
8	Samestelling (struktuur) van Die Voortrekkers	86
9	Seremonie en saluutvaardighede.....	88
10	Spesialisasies.....	96
EK AS AFRIKANER.....		97
1	Wat maak van my 'n Afrikaner?.....	97
2	Die geskiedenis van die Afrikanervolk – gewond maar onoorwone	98
3	Terminologie	106
EK AS LANDBURGER		108
1	Die Nasionale Lied.....	108
2	Die Nasionale Vlag	110
3	Nasionale Wapens.....	112
4	Graad 7 – Belofte Spesialisasies	112
5	Die Verkenner	113

EK AS MENS

**Morele standaarde is die maatstawwe wat ons gebruik om te alle
tye ons handeling en optredes te bepaal.**

1 MENSWEES

Respek is: Eerbied, ontsag, agting.

*Ek betoon respek teenoor my meerdere, byvoorbeeld my ouers, **deur aan hulle gehoorsaam te wees.***

Verbind die korrekte optrede:

<i>Ek betoon respek teenoor minderes deur</i>	bedagsaam en konsidererend op te tree
<i>Ek betoon respek teenoor die teenoorgestelde geslag deur</i>	hulle gevoelens ook in ag te neem
<i>Ek betoon respek teenoor ander bevolkingsgroepe deur</i>	goedgemanierd op te tree
<i>Ek betoon respek teenoor boers en susters deur</i>	'n goeie voorbeeld te stel
<i>Ek betoon respek teenoor maats deur</i>	teenoor ander op te tree soos ek wil hê hulle moet teenoor my optree.
<i>Ek betoon respek teenoor gestremdes deur</i>	na hulle om te sien en menswaardig te behandel

So behoort ek ander mense se eiendom te behandel: (bespreek)

2 KOMMUNIKASIE

1. Noem moontlike maniere hoe 'n mens kan kommunikeer.

Gee drie eienskappe van 'n goeie kommunikeerder.

Kommunikasie tussen mense word bemoeilik deur:

- Afjakke
- Sarkasme
- Eensydige gesprekke
- Spot
- Leedvermaak
- Hooghartige opmerkings
- Kritiek

Hoe sal jy reageer op die volgende opmerkings?

- | | |
|-----------------------|--|
| 1. Afjak: | Ek het nie nou tyd om na jou te luister nie. |
| 2. Sarkasme: | Jy dink natuurlik jy weet alles. |
| 3. Eensydige gesprek: | Ons moet die dinge beplan, maar ek het klaar 'n idee wat ons moet doen. |
| 4. Spot: | Foeitog, dink jy regtig daardie plan sal werk? |
| 5. Leedvermaak: | Jy sal nooit so goed kan doen soos ons nie. |
| 6. Hooghartig: | Ons is aan beter gewoond as wat jy hier vir ons kan bied. |
| 7. Kritiek: | Jou kennis van die werk is maar min en die manier waarop jy die taak aanpak, sal nie werk nie. |

3 GROEPSDRUK

Definisie van groepsdruk: Groepsdruk is die manipulasie deur ander mense, veral jou maats, om jou iets te laat doen wat jy self nie noodwendig wil doen nie. Soms is die groepsdruk baie subtiel sodat jy nie eers werklik daarvan bewus is nie.

Is groepsdruk altyd sleg? Ja / Nee Bespreek:


Wat sal jou optrede onder die volgende omstandighede wees:

Jou vriende het sigarette in die hande gekry en nooi jou om saam te rook.

Sal jy:

- saam rook want jy wil nie hul vriendskap verloor nie?
- jou vriende probeer oortuig om nie te rook nie, en die nadele van rook verduidelik?
- 'n verskoning uitdink om nie saam te rook nie?
- jou ouers of onderwyser daarvan vertel?

Gebruik groepsdruk om mekaar positief te beïnvloed.




4 SELFBEHOUD

Bespreek die volgende gevallestudies in die span.

1. Jy word genooi na 'n klasmaat se partytjie. Later die aand kyk almal video's en 'n volwasse film word vertoon. Gaan jy:
 - saamkyk en dit geniet omdat dit die eerste keer is dat jy so iets sien en jy nie "uit" wil voel nie?
 - saam kyk en die goeie onderskei van die verkeerde?
 - weier om te kyk en die apparaat afskakel?
 - jou ouers skakel om jou te kom haal en die situasie met hulle bespreek?

Gesinslede verskil maar kan tog gelukkig saamleef.



2. By 'n Voortrekkerkamp is jy in 'n groep wat vuil grappe vertel, vloek en die Here se naam ydelik gebruik.

Wat sal jy doen?

- Eie reg gebruik en by 'n ander groep inskakel?
 - Hulle daarop wys dat hulle verkeerd optree?
 - Luister en maar verleë saamlag?
 - Vir 'n offisier vertel?
3. As jy 'n baie ernstige, persoonlike probleem het, met wie sou jy verkies om te praat?

Jou pa	Jou offisier	Jou ma
Jou broer / suster	Predikant	Jou onderwyser


4. 'n Gebalanseerde mens beskik oor sommige van die volgende eienskappe:

1. het 'n goeie selfbeeld
2. is spontaan
3. is aktief en energiek
4. is gelukkig
5. is vindingryk
6. is bedagsaam

7. is sensitief vir ander se gevoelens
8. waag dinge as dit nodig is
9. tree verantwoordelik op
10. is 'n gevoelsmens

11. het doelwitte in die lewe
12. het 'n goeie sin vir humor
13. soek hulp as hy dit nodig het
14. erken sy eie foute

Merk die gevalle waar jy korrek optree en gee besondere aandag aan daardie gevalle waarin jy nog te kort skiet om met selfvertroue te kan optree.



Ek is (voltooi)

.....

.....

.....

.....

.....

5 MUSIEK


Bespreek die volgende:

- Volkseie musiek
- Volksvreemde musiek
- Tradisionele musiek
- Ligte Afrikaanse musiek
- Klassieke musiek
- Godsdienstige musiek

Luister na verskillende soorte musiek. Identifiseer liedjies volgens die volgende vyf groepe:

Godsdienstige lied	Vaderlandslied	Volkslied	Voortrekkerlied	Afrikaanse lied

- ♫ Moenie “cool” probeer wees en aan groepsdruk toegee nie. Bepaal jou eie smaak.
- ♫ Volkseie musiek is ’n skatkis volpret.



Ons is bevoorreg dat daar baie sangers en liedjieskrywers is wat in Afrikaans sing en liedjies skryf.

Dink maar aan die baie sangers wat optree by groot konserte soos Huisgenoot skouspel en Afrikaans is groot.

Skryf vier Afrikaanse sangers en sangeresse se name neer:

SANGERS	SANGERESSE

Noem twee persone wat woorde en musiek van Afrikaanse liedjies skryf:

SKRYWER	LIEDJIE SE NAAM

Voltooi die onderstaande tabel:

EK LUISTER GRAAG NA	MY MAATS LUISTER GRAAG NA

EK IN MY OMGEWING

1 NOODHULP

1.1 VOORWERPE IN DIE NEUS, OOR EN OOG



Iets in die NEUS

- Druk die oop neusgat toe, trek asem deur die mond in en blaas deur die neusgat waarin die voorwerp is.
- Indien die voorwerp nie uitkom nie, neem die pasiënt na 'n dokter toe.

Iets in die OOR

- MOET DIT NIE SELF PROBEER UITHAAL NIE!
- Gaan dadelik na 'n dokter.



Iets in die OOG

MOET DIT NIE SELF PROBEER UITHAAL NIE!

- Hou die pasiënt stil.
- Laat hy die oog toemaak.
- Bedek die oog met 'n ronde wonddekking, byvoorbeeld 'n stukkie gaas of 'n skoon sakdoek. Laat die pasiënt die dekking vashou of plak dit oorkruis met kleefband vas.
- Neem die pasiënt dadelik na iemand wat kan help.




1.2 BY- EN PERDEBYSTEEK, MIER- EN INSEKBYTE

As 'n persoon deur 'n by gestek word moet die angel deur skraping met 'n skerp mes verwyder word. Moet nie "Tweezers" gebruik nie aangesien meer gif daardeur in die persoon gespuit sal word.

SIMPTOME

- Skielike pyn
- Swelling
- Hitte op bytplek
- Rooi uitslag op geaffekteerde gedeelte
- Witterige ferm uitbulting op vel
- Jeukerigheid



BEHANDELING

Daar bestaan eintlik geen behandeling vir inspekbyte nie, aangesien die meeste nie ernstige gevalle is nie. Die byte kan ernstig raak as 'n persoon allergies is vir die byt.

Indien die pasiënt allergies is vir bystekte, kry onmiddellike mediese behandeling.

1.3 SLANGBYT

Slangbyte is een van die gevaarlikste byte wat in die veld opgedoen kan word. Nie soseer omdat die slang giftig is nie, maar omdat die pasiënt so 'n lang tyd vat om by mediese hulp uit te kom. Serum is ook nie meer bekombaar aan privaat persone nie, aangesien daar meer persone beswyk aan allergiese reaksies van die serum as van die slangbyt self.

As 'n persoon deur 'n slang gepik word, MOET die slang positief geïdentifiseer of doodgemaak en saamgeneem word na die hospitaal of mediese sentrum.


Daar bestaan drie groepe slange ingedeel volgens hulle “giftande” en “gif”.



Indien daar gif in die pasiënt se oog gekom het, was dit dadelik met baie water uit.

Dit is belangrik om te onthou dat simptome goed dopgehou moet word aangesien die bytplek nie altyd sigbaar is nie. Bytmerke van 'n giftige slang en 'n nie-giftige slang verskil. Die giftige slang het lang tande en die byt sal dan gewoonlik die twee merkies wys. Nie-giftige slange het nie twee lang tande nie, daarom sal die bytmerk net bestaan uit twee rye tandmerke sonder die twee merkies.

Giftig



Nie giftig

1.4 SKERPIONSTEEK

By **skerpioene** is die gevaarlikste spesies dié met die groot angel en klein knypers. Die met die klein angel en groot knypers is GEWOONLIK nie baie giftig nie, maar sal nog steeds baie pyn veroorsaak. As die persoon deur 'n skerpioen gesteek word MOET die skerpioen positief geïdentifiseer of doodgemaak en saamgeneem word na die hospitaal of mediese sentrum.

SIMPTOME

- Pyn rondom die bytplek
- Swelling
- Bloeding vanuit die wond
- Bewussynsvlak begin daal
- Sukkel met asemhaling
- Asemhaling hou op
- Verlamming
- Bloeding van die slymmembrane in die mond
- Stuiptrekkings



BEHANDELING

- Behandel simptome soos hulle voorkom
- Moenie dat pasiënt beweeg nie
- Sit rekverband aan
- Vervoer so vinnig moontlik na 'n mediese sentrum



1.5 HITTE-UITPUTTING

Hitte-uitputting kom gewoonlik voor by iemand wat nie aan ons klimaat gewoont is nie en baie vog en sout verloor deur sweet. Die persoon sal gewoonlik “inmekaar sak”.

SIMPTOME

- a) Persoon sal aggressief wees
- b) Sal swak voel
- c) Sal uitermatig sweet
- d) Sal maklik weer bewussyn verloor

BEHANDELING

- a) Plaas persoon in 'n koel omgewing. Indien moontlik sit die waaier op die pasiënt of waai koel met 'n voorwerp.
- b) Gee water met 1 teelepel sout per glas
- c) Handhaaf sy normale liggaamstemperatuur

1.6 SONSTEEK

Sonsteek is hitte-uitputting wat nie behandel is nie.

SIMPTOME

- a) Persoon sal definitief bewusteloos wees
- b) Vel sal rooi, warm en droog wees

BEHANDELING

- a) Bring liggaamstemperatuur so gou as moontlik af
- b) Sit persoon in yskoue water
- c) Plaas yspakke onder armholtes
- d) Vat persoon so vinnig moontlik na 'n hospitaal

1.7 VERGIFTIGING

- Vra die pasiënt uit oor wat gebeur het.
- Probeer vasstel watter gifstof die pasiënt ingeneem het.
- Verwyder die gif of verwyder die pasiënt uit die omgewing van die gifstof.
- Was die pasiënt indien nodig.
- Plaas die pasiënt in die herstelposisie.
- Kry hulp.

1.8 BESPREEK WAT IN 'n NOODHULPTASSIE GEPAK MOET WORD

Vergelyk die lys onderaan en merk die agt noodsaaklikste items wat jy in jou noodhulptas sou pak.

Handskoene	Watte	Dettol	Verbande	Ontsmettingsalf
Tandepasta	“Peacefull sleep”	Rennies	Allergex	Stopayne
Buscopan	Hakspelde	Naaldwerknalde	Skêr	Pen/potlood
Webcols	Sinumed (sinus)	Kalsiumpoeier	Disprin	Vuurhoutjies
Sonblok	Oordruppels	Sneesdoekies	Oorstokkie	Sjampoe

2 KAMPERING

Onderstaande is 'n voorbeeld van 'n kampprogram wat saam met die inligting oor kampering en gedragkodes in die veld van Graad 5 gebruik kan word.

Tyd	KAMPAKTIWITEIT	Wie verantwoordelik
	VRYDAG	
	Vervoer na kamp	
	Aankoms, voorbereiding en inrig van terrein	
	Bespreking van reëls en program	
	Ete	
	Aandprogram	
	Aandgodsdien	
	Milo en bed toe	
	SATERDAG	
	Opstaan en stiltetyd	
	Vlagseremonie en inspeksie	
	Ontbyt	
	Oggendaktiwiteit	
	Middagete	
	Middagaktiwiteit	
	Vlagseremonie	
	Aandete	
	Aandgodsdien	
	Aandaktiwiteit	
	SONDAG	
	Opstaan	
	Vlagseremonie	
	Ontbyt	
	Kerkdien / Teksbou *	
	Middagete	
	Middag-aktiwiteit	
	Oppak en vertrek	
	Aankoms tuis	

*Teksbou – Gaan veld toe en “bou” die teks wat in die Godsdien gebruik is. (byvoorbeeld: Beeld die kruisiging uit deur middel van 'n sandhopie met stokkie-kruise daarop)

VERSEKER 'n LEKKER KAMP VIR ALMAL.**DOEN JOU DEEL.**

Vir 'n suksesvolle kamp sal ek:
Altyd my deel doen.
Na my leiers luister.
As span saamwerk.
Nie skinder en stories andra nie.
Kritiek positief verwerk. (al moet ek hulp vra)
Selfs minder aangename dinge doen.

2.1 KOSMAAK IN DIE VELD

Om suksesvol in die veld kos te maak, moet ons deeglik voorbereid wees. Spesiale aandag moet ook aan die spyskaart gegee word, want alle geregte kan nie in die veld voorberei word nie. Hou ook in gedagte dat dit moeilik is om kos koel te hou.

'n VOORBEELD VAN ONS SPYSKAART (GEBRUIK EEN ETE BYVOORBEELD ONTBYT, MIDDAGETE, AANDETE)

Ontbyt	Middagete	Aandete

MY INKOPIELYS VIR MY ETE	My saamneemlys vir my ete

2.2 STOKBROODRESEP

Jy benodig kole (vuur), stokke, bruismeel, sout, water en plastieksakkies (of mengbakkies).

Plaas ongeveer 'n halwe koppie bruismeel in elke sakkie. Hou bruismeel oor om nog by te gooi indien die deeg te slap is. Laat die kinders self elkeen bietjie sout bygooi.

Gooi min water in elke sakkie. Laat hulle die deeg meng. Gooi nog water by indien die deeg te droog is. As die deeg redelik goed gemeng is, haal uit die sakkie en meng verder. Smeer kookolie aan die hande om te keer dat die deeg aan die hande vassit.

Knie die deeg totdat dit goed gemeng is. Rol die deeg met die hande sodat dit 'n lang dunnerige stuk vorm. Draai die deeg om 'n stok. Begin van bo na onder. Die deeg moet nie te dik om die stok gedraai word nie.

Maak die stokbrood oor die kole gaar. Waarsku kinders voor die tyd dat geduld nodig is. Hulle moenie die stokbrood binne in die vlamme druk nie. Draai die stok sodat die stokbrood aan alle kante gaar word.

Die stokbrood is gaar as dit maklik van die stok afgehaal kan word. Dit moet ook bruin wees.

Haal van die stok af en gooi stroop of konfyt binne-in.



2.3 KOSBEWARING

Julle gaan nou die hele dag of langer in die veld wees en daarom moet julle sorg dat julle kos so gebêre word dat dit nie bederf nie.

Die wors kan in 'n skoon materiaalsakkie wat met asyn klam gemaak is in 'n boom opgehang word waar die son nie daarop skyn nie.

Grawe 'n gat in die grond, pak gras daarin en gooi dit goed nat.

Plaas die bottel met vars melk in die gat.

Plaas die houër met botter in die gat.

Pak weer gras of blare en takke bo-op die melk en botter en hou dit klam.

Voorbeelde van kosbewaring op 'n kamp:



'n Tamatiekissie met nat goingsak wat oor 'n boomtak hang



'n Bottel melk met sak rondom in 'n bak water



'n Gat in die grond met blare of gras uitgevoer en met takke bedek



Brood in 'n plastiek sakkie




Bespreek hoe sal jy op 'n oop 'n vuur die volgende gaarmaak:

Wors, eier, brood en 'n groente.

Vra vir jou offisier of ouers 'n maklike resep vir potjiekos en maak dit tydens julle kamp of tydens 'n aand se saamwees.

3 SPOORSNY

3.1 SPOORSNY TEKENS

				
Briefie	Kamp toe	Huis toe	Pad deel in twee	Volg rigting
				
Verkeerde pad	Verkeerde pad	Huis toe	Na Links	Na Regs

3.2 SPOORSNY-OEFENING

- Julle weet nou al uit ondervinding hoe belangrik dit is om nooit 'n Spoorsnyteken te verskuif of te beskadig nie, want as julle op 'n "verkeerde pad" teken afkom, moet julle kan teruggaan na die vorige tekens om die regte pad te vind. Erger nog: as julle die spoor byster raak, is dit nege uit tien keer omdat julle die vorige teken of opdrag verkeerd vertolk het. Daar is dan net een manier om weer koers te kry, en dit is om terug te gaan na die vorige Spoorsnyteken.
- Oefen hierdie Spoorsnytekens gereeld op spankampe, sodoende sal jou ooginskerping verbeter.



4 WAAROM IS KENNIS VAN KNOPE EN VASWOELE NODIG?

Vir noodhulp, Vlagseremonies en om kampgeriewe en kampmeubels te maak, moet jy die volgende knope en vaswoele kan doen:

- Skuifknoop
- Voorslagknoop
- Kniehalterslag
- Kruisvaswoel

Kyk na die sketse en oefen dit totdat jy dit met gemak kan maak.



Belangrik: Om die lewensduur van toue te verleng, moet alle toupunte beset word.

A Die Skuifknoop.

Dit is 'n knoop wat baie gebruik word om twee ewe dik toue te las.

Dit kan gebruik word:

- om pakkies op te maak;
- hout vas te bind;
- skoenveters vas te maak;
- en by noodhulp om verbande vas te maak.



Metode:

2. Neem 'n punt van die tou in elke hand.
3. Kruis die punt in die regterhand oor die punt in die linkerhand en draai een keer om, trek vas.
4. Kruis nou weer die punt van die tou in die linkerhand oor die punt in die regterhand en draai weer een keer om. Trek weer vas.

Wenk: Hierdie versie help:


**Regs oor links en vleg dit om
en links oor regs en vleg dit om.**

Trek dit vas.


Jy is baie slim en glad nie dom.

Losmaak van die knoop

Trek die punt en die lang gedeelte van die tou sodat dit reguit span. Die tou kan dan maklik uit die dubbeloog getrek word.

**B Voorslagknoop**

Die knoop word gebruik om 'n dun en dik tou te las. Die knoop kry sy naam van die gebruik om die voorslag (dun riempie) aan die agterslag (gevlegde gedeelte) van die sweep vas te maak. Dit word ook gebruik om 'n tou aan 'n vaste lus vas te maak. Daarom gebruik ons dié knoop om die vlagtou tydens vlaghysing aan die hystou vas te maak.

Metode:


5. Maak 'n lus in die dik tou.
6. Steek punt **b** van dun toutjie van onder af deur lus.
7. Swaai **b** onderdeur die lus.
8. Bring **b** bo-oor een arm van lus en steek onderdeur homself bo-oor ander arm van lus.
9. Trek styf.

C Kniehalterslag

Dit is die knoop wat gebruik word om die vlagtou aan die paal vas te maak en om kampgeriewe mee te begin. Met hierdie knoop kan 'n tou baie stewig aan 'n paal of stok vasgemaak word. Die knoop is vroeër gebruik om perde mee te kniehalter (vandaar die naam) en ook om swepe aan die sweepstok vas te maak.

Kniehalter beteken dat die perd se halter aan sy knie vasgemaak word sodat hy kan wei maar nie kan weghardloop nie.

Hierdie knoop word net met een punt van die tou gemaak met die veronderstelling dat die ander punt aan die halter (bopunt) vas is. Dit word altyd om 'n paal of stok gemaak.



Metode:

1. Volg die pyle in die skets om die Kniehalterslag om die vlagpaal te kan maak.
2. Hou die hystou met die linkerhand net bokant die posisie waar die knoop gemaak gaan word vas. Dit keer dat die vlag nie sak nie en maak terselfdertyd plek vir die tou om deur te kom. **Skets 1.**
3. Met die regterhand maak jy 'n omslag om die paal en bring die punte van die hystou bokant die omslag uit.
4. Die linkerhand hou nog steeds die hystou gespan.
5. Met jou regterhand trek jy nou die omslag styf sodat jy jou linkerhand kan versit na die posisie wat in hierdie skets aangetoon word sonder dat jy die hystou skiet gee. **Skets 2.**
6. Maak nou die tweede omslag met die regterhand.
7. Bring nou die punte van die hystou bokant die tweede omslag by die linkerhand uit en trek nou albei omslae styf en ondertoe. **Skets 3 en 4.** Die Kniehalterslag is nou voltooi. Dié knoop bly stewig vas om die paal en sal nie loswikkels en die vlag laat sak nie.
8. Vou die tou wat oorbly nadat die knoop gemaak is 'n paar keer. Druk dan die opgevoude tou tussen die paal en die styfgespande tou teen die paal in en trek dit afwaarts vas.


D Kruisvaswoel

Die Kruisvaswoel is baie handig by die maak van 'n verskeidenheid van kampgeriewe waarvan die mees algemeenste 'n hanggrief aan die tentpaal is.

Omdat dit moeilik is om die vaswoel alleen te maak, is dit wenslik dat die spanlede twee-twee saamwerk om dit aan te leer. Die vaswoel moet van die begin af teen 'n regopstaande paal geoefen word. As die spanlede dit baasgeraak het, kan 'n skaalmodel met dun stokkies en dunner tou gemaak word.

Volg die sketse en instruksies om 'n kruisvaswoel te maak:

1. Maak 'n Kniehalterslag om die regop paal sodat punt **b** van die tou net lank genoeg is om die knoop met 'n Skuifknoop af te sluit.
2. Plaas die dwarslat op die Kniehalterslag teen die regop paal en laat 'n helper die punt **b** ewewydig aan die dwarslat vashou.
3. Trek punt **a** voor om die dwarslat, agter om die regop paal, weer voor om die dwarslat (nou aan die regterkant van die regop paal) en weereens agterom die regop paal. Die laaste slag om die regop paal moet so wees dat die tou onderkant die Kniehalterslag omgaan.
4. Trek die tou baie styf.
5. Herhaal stap drie. Sorg dat die tou aan die binnekant van die vorige slae om die dwarslat gaan, maar wel aan die bokant en onderkant van die vorige slae om die regop paal.
6. Herhaal stap drie weer totdat daar minstens drie slae volledig is. Meer slae kan gemaak word, maar dit sal afhang van die dikte van die tou. **Skets 3** toon hoe die vaswoel op hierdie stadium sal uitsien as vier slae voltooi is.
7. Trek nou punt **a** direk vorentoe. **Skets 4** toon hierdie stap van die kant af gesien.
8. Wurgslae word nou om die paalslae gemaak. Werk van voor na agter en sorg dat die slae mooi stewig langs mekaar lê. Nadat die eerste wurgslag voltooi is, sal ent **a** al vasgetrek wees en sal die paalslae nie meer kan losglip nie. Hierdie wurgslae moet so styf moontlik getrek word.
9. Minstens drie wurgslae aan die onderkant van die dwarslat is nodig. (Dit wil sê vier slae aan die bokant van die dwarslat). **Skets 5**.
10. Knoop punte **a** en **b** netjies met 'n skuifknoop vas en steek die Skuifknoop agter die dwarslat weg. Werk die punte netjies weg deur dit tussen die slae om die paal in te wikkel.




Wenk: Dit is uiters belangrik dat die tou elke keer baie styf getrek moet word. As dit gedoen word, kan 'n enkele Kruisvaswoel maklik die gewig van 'n groot man dra sonder om af te skuif.

EK AS VOORTREKKER


1 DIE VOORTREKKERS – LANDSWYD

Kleur die rangkentekens korrek in en skryf die leiers se range (en dalk nog die name ook) daarby.


Hoofdagbestuur


Gebiedsdagbestuur

Oorddagbestuur

Kommandodagbestuur

2 LEIERSKAP

Lees die volgende stellings deur en besluit hoe jy daaroor voel. As jy saamstem, omkring die W (waar) in die kolom aan die linkerkant. As jy nie saamstem nie, omkring die O (onwaar) in die kolom links. As almal klaar is, praat oor die stellings en besluit saam watter antwoord julle verkies. Gebruik die kolom aan die regterkant daarvoor.

	SELF		SPAN
1	W O	Die populêre kinders in die skool word altyd prefekte.	W O
2	W O	Om as leier gekies te word, is 'n beloning vir die mooi dinge wat jy gedoen het.	W O
3	W O	Die beste leier het steeds ander mense se ondersteuning nodig.	W O
4	W O	Iemand wat sy woord hou en fluks en vriendelik is, sal die beste leier wees.	W O
5	W O	'n Goeie leier sal vir elkeen in sy groep die kans gee om ook leiding te neem.	W O
6	W O	'n Kenmerk van 'n goeie leier is dat hy saam kan lag as ander vir hom lag.	W O
7	W O	Dit is nie nodig dat daar dieselfde reëls vir leiers en hulle volgelinge moet wees nie.	W O
8	W O	Iemand wat net 40% in die eksamen behaal, kan tog nie ook 'n leier wees nie.	W O
9	W O	'n Leier behoort te erken wanneer hy 'n fout maak.	W O
10	W O	Die beste spreker in die span behoort die leier te wees.	W O

3 SEREMONIEVAARDIGHEDE

My offisier reken dat ek die volgende vaardighede bemeester het:

Bevel	Datum	Handtekening
Deelname aan 'n vlagseremonie in 'n saal.		
Vrywillige optrede as seremonieleier.		
Taak en optrede as godsdiensoffisier.		
Taak en optrede as saluutoffisier.		

Die taak en optrede van die saluutoffisier

Die saluutoffisier is normaalweg die persoon teenwoordig met die hoogste rang, of iemand aan wie hy sy reg gedelegeer het.

Omdat ons besig is met opleiding, gee ons ook jeuglede die geleentheid om dié taak te verrig.

Die doel van die saluutoffisier is om namens almal teenwoordig, eer en respek aan die vlae te betoon.

Die optrede by die buite vlagseremonies

- Op die bevel “Oë front” stap die saluutoffisier saam met ander aangewese offisiere en tree agter die pale aan. Die saluutoffisier staan links (vanuit die toeskouer gesien) van die seremonieleier, tussen die paal van die landsvlag en die seremonieleier, maar 'n tree agtertoe.
- Die saluutoffisier reageer op die bevel wat aan Die Voortrekkers gegee word.
- Wanneer die bevel “Ontplooï die vlae” gegee word, tree die saluutoffisier vorentoe. Sodra die nasionale vlag oopval, salueer die saluutoffisier en hy hou die saluut vir die volle duur van die sing van die Nasionale lied.
- As die Nasionale lied klaar gesing is, sluit die saluut en tree die saluutoffisier weer 'n tree terug na sy posisie.
- By 'n strykingseremonie word die saluut geneem na die bevel “Stryk die vlae.”
- Die saluutoffisier tree vorentoe soos in die geval van die hysing.
- Die saluut word gehou vir die volle duur van die sing van die Nasionale lied.
- Sodra die lied klaar gesing is, sluit die saluut en die saluutoffisier tree terug na sy posisie.

Die optrede by die binne vlagseremonies.

- By die binne seremonies tree die saluutoffisier links (vanuit die gehoor gesien) op die “verhoog” aan terwyl die seremonieleier regs aantree.
- Die saluutoffisier reageer op die bevel “Vlagdraers aantree” en stap uit die gehoor waar hy gesit het na die “verhoog”. Neem sy plek in op die linkerkant van die “verhoog” sodat hy nie in die pad van die vlagdraers sal wees nie.
- Die saluutoffisier bly op aandag staan.

- Op die bevel “Presenteer die vlag” word die Nasionale lied aangehef en saam daarmee word die saluut geneem. Hy salueer vir die volle duur van die Nasionale lied.
- Die saluutoffisier bly op die “verhoog” tot aan die einde van die seremonie wanneer die seremonieleier die bevel “op die plek rus” gegee het.

Die godsdiensoffisier

Dit is die persoon wat tydens ’n vlaghysing of ’n vlagpresentering die skriflesing en gebed waarneem.

Tydens ’n vlaghysing

- Die godsdiensoffisier tree saam met ander aangewese offisiere, op die bevel “oë front” aan.
- Die godsdiensoffisier neem sy plek in regs van die seremonieleier, halfpad tussen die seremonieleier en die vlagpaal met die Voortrekkervlag, maar ’n tree terug.
- Die godsdiensoffisier voer alle bevels saam met Die Voortrekkers uit.
- Tydens godsdienst, tree die seremonieleier ’n tree agtertoe en die godsdiensoffisier beweeg een tree vorentoe.
- Die Voortrekkers staan nou op die plek rus terwyl gelees word, wanneer die godsdiensoffisier sê “Kom ons bid” neem almal die gebedshouding (Voete in die aandagposisie, dogters en dames vat hande voor saam, seuns en manshande langsdié sye. Almal buig koppe. Bly so tot met “Amen” keer terug na op die plek rusposisie) in vir die duur van die gebed. Nadat “amen” gesê is, kom almal weer op die plek rus.
- Die godsdiensoffisier tree terug, die seremonieleier tree weer ’n tree vorentoe en gaan met die seremonie voort.

Tydens die vlagpresentering

- Die godsdiensoffisier bly in die gehoor sit totdat die seremonieleier hom vra om na vore te kom.
- Hy neem die godsdienst waar en gaan op sy eie terug na sy sitplek terwyl die seremonie voortgaan.

4 DIE GESPREKSLEIER

1. Teen hierdie tyd ken jy al die reëls en betekenis van die Voortrekkerkode. Jy gaan nou die geleentheid kry om deur middel van gesprekke te bepaal hoe hierdie reëls jou besluite en optrede kan rig.
2. Kyk eers na die riglyne hieronder oor die optrede van ’n gespreksleier en ’n deelnemer. Maak seker dat jy dit verstaan en kan toepas.

As jy die gespreksleier is:

1. Maak seker dat jy weet waaroor jou onderwerp handel.
2. Dink eers en praat dan.
3. Gee aan elkeen in die groep geleentheid om deel te neem.
4. Betrek ook die teruggetrokke een.
5. Maak die “baie prater” op ’n mooi manier stil.
6. Behou oogkontak met jou groep.

7. Luister na elke spreker, maar sorg dat die gesprek wel vorder.
8. Stuur die gesprek terug na die onderwerp as julle afdwaal.
9. Moenie toneel speel nie, wees jouself.
10. Moenie antwoord wat jy dink die paneel wil hoor nie. Gee jou eerlike mening.


As jy deel van die groep is:

1. Dink voor jy praat.
2. Moenie ander in die rede val nie.
3. Jy mag maar verskil van die ander.
4. Luister goed na wat ander sê.
5. Fokus jou redenasies rondom Afrikanerskap, Burgerskap en Christenskap.
6. Dit is nie verkeerd om 'n ander se standpunt te aanvaar nie, ook nie om van mening te verander nie, mits jy nie 'n draadsitter word nie.

Deur gereeld besprekings oor verskillende sake, met jou span of gesinslede te hou, kan jy hierdie dinge oefen.

1. Hier is enkele situasies wat julle as span of groep kan bespreek. Onthou om die tien reëls van die Voortrekkerkode en die Bybel as basis vir jou standpunte te gebruik.
 - Jy is gewoon om Sondae saam met jou ouers kerk toe te gaan. Jou maats verwag egter van jou om sommige Sondae 'n rede uit te dink waarom jy nie kerk toe hoef te gaan nie maar saam met hulle in die winkelsentrum te gaan rondloop. Wat is die korrekte manier om hierdie saak te hanteer?
 - Jou pa weier dat jy saam met 'n maat na 'n laataand flik mag gaan. Jy wil graag gaan maar wil ook nie jou pa kwaadmaak nie. Wat staan jou nou te doen?
 - Jou beste maat vertel aan jou dat hy geld vir CD's uit sy ma se beursie gehaal het. Sy ma vermis die geld maar by navraag het jou vriend gesê hy weet niks daarvan nie. Wat behoort jou optrede in hierdie geval te wees?
2. Dink nou aan nog 'n paar situasies, miskien werklike gevalle, om met jou span te bespreek. Sodoende kry julle die geleentheid om:
 - mekaar raad te gee;
 - van mekaar te leer;
 - jou Christelike waardes toe te pas;
 - te oefen hoe om die Voortrekkerkode in die daaglikse lewe toe te pas;
 - ervaring op te doen om as gespreksleier op te tree;
 - ervaring op te doen om as deel van 'n gespreksgroep op te tree;
 - op jou voete te dink, besluite te neem en om standpunt in te neem.

5 VOORTREKKERDRAG EN KLEURSTELSEL



Laat 10mm tussen kentekens

1. Bespreek die volgende:

- Hoe kan jy 'n voorjuk van die ander jukke onderskei?
- Wat was die doel van die hak aan die een skei van die voorjuk?
- Wat word van jou Dagbreekgraadwiel as jy 'n Verkenner word?
- Wat beteken die uitdrukking "om tou op te gooi"?
- Skryf nog twee uitdrukkings hier neer wat hul ontstaan aan die Groot Trek te danke het
 - 1
 - 2
- Skryf die kleurstelsel van *Die Voortrekkers* in die regte volgorde in die blokkies hieronder neer

--	--	--	--	--	--	--

6 SPESIALISASIES

6.1 ONS BEPLAN OM VANJAAR VAN DIE VOLGENDE SPESIALISASIES TE DOEN:

Ek as mens	Ek in my Omgewing	Ek as Voortrekker	Ek as Afrikaner	Ek as Landsburger
Beeldende Kunste (C)	Staptogte (C)	Musiek en Sang (C)	Gedenkwaardighede (B)	Paraatheid (B)
Versamelkuns (C)	Sterrekunde (B)	Spoorsny (C)	Anglo-Boereoorlog (B)	Redding (C)
Persoonlike Versorging (B)	Varswaterhengel (C)	Seremonies (B)	Afrikaner Tradisies (C)	Ruiterkuns (C)
Kampkook (B)	Vleilande (C)		Volksdanse (C)	Kommunikasie (C)
	Kus Ekosorg (C)			

6.2 EK HET DIE VOLGENDE SPESIALISASIE VOLTOOI EN HET KENTEKENS DAARVOOR ONTVANG.

Naam van Spesialisasie	Dit het gehandel oor:

EK AS AFRIKANER

1 TRADISIONELE SPELE EN DANSE

1.1 BESPREEK IN JOU EIE WOORDE WAT TRADISIONEEL BETEKEN.



1.2 WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN VOLKSPELE EN VOLKSDANSE?

Volkspele: Dit is sierlike dansbewegings uitgevoer volgens 'n vasgestelde patroon. Die dansers is in vasgestelde drag geklee en volksliedjies word as begeleiding saam gesing.

Volksdanse: (Boeredanse) Is danse wat uit die volk ontstaan het en word gewoonlik op musiek uitgevoer. Dit is danse soos die Kadriel, Kontradans, Vastrap, Polka en Wals. Die jongklomp het ook begin met groepspele op maat van die musiek.

- Doen twee volkspele.

- Doen twee volksdanse.



1.3 WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN TRADISIONELE SPELETJIES EN BOERESPORT?

Tradisionele speletjies: Speletjies wat van geslag tot geslag oorgedra word, byvoorbeeld Vroteier, Kennetjie, Blikbord, Derdemannetjie, Hakke krukke, Adam en Eva en Wolf Wolf, hoe laat is dit?

Boeresport: Dis georganiseerde kompetisiespeletjies, byvoorbeeld Sakresies, Driebeenresies, Aartappel en lepelresies, Toutrek, Kussinggeveg, Kruiwastoot en Eiergooi.

- Neem deel aan twee boeresportitems.
- Speel twee tradisionele speletjies.

2 DIE AFRIKAANSE TAAL

2.1 MERK DIE LANDE WIE SE TAAL 'n GROOT INVLOED OP AFRIKAANS GEHAD HET.

Frankryk	Amerika	Duitsland	Maleisië
Engeland	Italië	Australië	Portugal
Nederland	Griekeland	Spanje	Israel

Bespreek die volgende:

- Wanneer is die Bybel die eerste keer in Afrikaans vertaal?
- Wat was die eerste Afrikaanse koerant se naam?
- Waarom is die Taalmonument in die Paarl opgerig?
- Hoeveel amptelike landstale word erken in die 1994-grondwet van die RSA?
- Hoeveel amptelike landstale word erken in die 1990-grondwet van Namibië?

2.2 TAALSTIGTERS



Arnoldus Pannevis



C.P. Hoogenhout




S.J. du Toit

2.3 DIE TAALMONUMENT EN DIE SIMBOLIEK DAARVAN.

- Die Taalmonument in die Paarl is op 10 Oktober 1975 ingewy.
- Die groot suil is 57 meter hoog en die monument is gebou van gehamerde gegote beton wat mooi saamsmelt met die rotse van Paarlberg.
- Mnr. Jan van Wyk was die argitek van die Taalmonument.
- Die simboliek van die Taalmonument is:
 1. Die drie kleiner suile links van die trapaantrede verteenwoordig die tale en kulture van die weste waaruit Afrikaans ontstaan het. Die suile word korter soos hulle invloed afgeneem het en Afrikaans op sy eie verder groei.
 2. Die podium regs met drie rondings daarop, verteenwoordig die tale en kulture van Afrika hier teenwoordig tydens die wordings- en groeiproses van Afrikaans.
 3. Die enkel klein suil op die trapaantrede erken die bydrae wat die oosterse tale gemaak het.
 4. Die 57m-hoofsuil is Afrikaans vandag. Dit is bo oop, wat daarop dui dat die taal steeds groei. Direk onder en binne die hoofsuil is 'n borrelende fontein wat verdere groei simboliseer.
 5. In dieselfde lewegewende waterpoel staan die Republieksuil, gerig na die hinterland van Afrika, in 'n houding van tweespraak.
- By die trapaantrede is die geskiedkundige woorde van J.H. Hofmeyer (Onze Jan) in brons **“Dit is ons erns”** aangebring.

- Bespreek hoe julle as span ons taal gaan respekteer en suiwer hou aan die hand van die Voortrekkerkode (reel 4)
- Probeer om met klei, gips of papierpap 'n replika van die Taalmonument te bou.
- Bespreek die simboliek van die monument.



DIE SPAN SE EIETDSE HELD:

REDE:

DIE BOODSKAP WAT OORGEDRA WORD:

3.3 HELDETOEKENINGS


Die toekenning vir dapperheid in Suid-Afrika word die Mendi Dekorasie genoem.

Die Dekorasie vir dapperheid in Namibië is: Namibiëse Kruis vir Dapperheid Goud, Silwer of Brons.

3.4 REDDINGSBOEI

Vir 'n daad van buitengewone dapperheid ken *Die Voortrekkers* die Reddingsboei toe.

Die Reddingsboei is die enigste kenteken wat hoër as die Voortrekkerwapen gedra mag word.



Reddingsboei

EK AS LANDSBURGER

1 DIE GESKIEDENIS VAN ONS LAND EN VOLK

Die Anglo-Boereoorlog (Tweede Vryheidsoorlog)



'n Boervrou aanskou hoe haar huis tydens die Verskroeiende aarde-beleid afgebrand word.



Boere in die veld



Britse soldate wat met 'n kanon aanval.



Na die oorlog het baie Afrikaners teruggekeer na hul plase net om deur totale verwoesting en grafte begroet te word.



1. Anglo-Boereoorlog 1899-1902 (Die Tweede Vryheidsoorlog)

1.1 DIE NAAM

Die naam **Anglo-Boereoorlog** beteken die oorlog tussen die Engelse en die Boere - al was daar ander mense, insluitende duisende Suid-Afrikaanse swartes, ook by die oorlog betrokke. Die oorlog staan ook bekend onder 2 ander name **Tweede Vryheidsoorlog** of **Driejarige Oorlog**.

1.2 AGTERGROND VAN DIE OORLOG

Goud. Dit was die ryk goudrif wat in 1886 op die Witwatersrand ontdek is. Brittanje wou beheer oor die goud hê maar die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek (ZAR), soos Transvaal destyds genoem is, wou dit nie afstaan nie.

Vir die Transvalers was die ontdekking van goud 'n gemengde seën. Aan die een kant was die goud waardevol en is dit vir hoë bedrae geld in die buiteland verkoop. Duisende delwers het van oor die hele wêreld na Johannesburg gestroom om die goudriewe te ontgin. Transvaal se burgers het hulle *Uitlanders* genoem.

Op 9 Oktober 1899 het die Transvaalse regering 'n ultimatum aan die Britte gestuur: As hulle nie binne 48 uur ophou om soldate na Suid-Afrika te stuur nie en nie ophou om eise aan Transvaal te stel nie, sal die Transvaalse regering aflei dat Brittanje oorlog wou hê. Brittanje het nie reageer nie. Die gevolg was die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog wat van 1899 tot 1902 geduur het.

Die Boererepublieke, Transvaal en Vrystaat, het hulle burgers vir krygsdiens opgeroep. Dit beteken dat elke burger tussen sestien en sestig jaar oud, by 'n kommando moes aansluit. In die twee republieke saam was daar sowat 52 000 burgers. Later in die oorlog het daar telkens seuns wat jonger as sestien was die wapen teen die Britte opgeneem. Hulle is Penkoppe genoem.

Die Britse vloot het destyds die oseane van die wêreld oorheers. Dit het beteken dat geen ander volk of land

die Boere kon help nie. Die Boere kon geen nuwe wapens of ammunisie aankoop nie. Hulle het maar by die Tommies wapens afgeneem en daarmee verder geveg. Die Boere het die Britse soldate Tommies of Kakies genoem, omdat hulle kakiekleurige uniforms gedra het.

Die Britte was opgeleide en ervare soldate. Daarteenoor was die meeste Boere egter onervare en onopgelei. Die Boere het die veld egter goed geken, was bekend met die klimaat, uitstekende perderuiters en nog beter skuts.

Hulle het hulle eie kosvoorrade op die boereplase aangevul. Die gevolg was dat die Boere veel beweegliker was as die Britte, wat altyd waens vol voorrade moes saamsleep. Die Britte was boonop van die treine afhanklik om vir hulle voorrade aan te ry. Die Boere het daardie swakheid telkens uitgebuit deur die treinspore en brûe met dinamiet op te blaas. Later in die oorlog het die Boere boonop telkens voedsel van die Tommies gebuit.

Op Sondag is daar meestal nie geveg nie. Dan was daar tyd vir ontspanning. Die Boere het kerkdienste georganiseer, terwyl die Britte se gunsteling aktiwiteit was om krieket te speel.

1.3 DIE VERLOOP VAN DIE OORLOG

Aan die begin van die oorlog wou die Boerekommando's die aankoms van Britse versterkings verhoed en wou veral beheer oor die treinspore, wat van die hawens na die republieke gelei het, verkry. Die Boere het daarin geslaag om die Britse soldate op die grense in drie groot dorpe, naamlik Ladysmith, Kimberley en Mafikeng, vas te keer en daar te beleër. Gedurende die Swart Week het Boerekommando's by Stormberg, Magersfontein, Colenso en Spioenkop oorwinnings behaal.

Die koms van Britse troepe versterkings saam met generaal Kitchener en veldmaarskalk Robbarts het aan die Britte oorwinnings besorg. Generaal Piet Cronjé is by Paardeberg deur die Britse magte omsingel en het oorgegee.

Die Boere het Krygsraad is gehou en president Steyn, generaal Christiaan de Wet en generaal J.B.M. Hertzog uit die Oranje-Vrystaat en generaals Koos de la Rey en Jan Smuts en die beroemde Boereverkenner Danie Theron het besluit om in klein groepies van tussen vyftig en tweehonderd te veg. Hierdie klein guerrilla-afdelings is gebruik om die Britse mag lastig te val en was baie suksesvol.

Die Britte het later klein fortjies, wat blokhuse genoem is, oral in die land gebou en doringdraadheininge gespan om die Boere te probeer vaskeer, maar die Boere was te uitgeslaap vir die Tommies!

Die Boere het dapper geveg maar die oormag was later te groot. President Kruger het daarna die land verlaat omdat die Boere bang was dat hy in Britse hande kon val. Hy het in Europa hulp vir sy mense gaan soek, maar niemand wou of kon help nie.

Die oorlog was egter nog ver van verby. In Wes-Transvaal was generaal Koos De la Rey die hart van die Boereverzet en hy het talle betekenisvolle oorwinnings oor die Britte behaal.

Eers generaal Hertzog en daarna Smuts, wat beide later Suid-Afrikaanse eerste ministers geword het, het invalle in die Kaapkolonie geloods waar duisende Kaapse Afrikaners by hulle aangesluit het. Hierdie

Een van die mooiste voorbeelde van 'n kinderheld, was toe die 12-jarige Japie Greyling, voor 'n vuurpeleton op hulle plaas, steeds geweier het om inligting, oor die bewegings van die Boere, aan die Britse soldate te verskaf.

1.3 DIE KRYGSGEVANGENES

Die Boere wat deur die Engelse soldate gevang is, is as krygsgevangenes na eilande soos Ceylon, St Helena en Bermuda in die Atlantiese Oseaan weggevoer. So is daardie Boere uit die oorlog uitgeskakel. Die Boere kon net die Tommies se wapens en klere afgeneem het - om later weer teen hulle te veg.

Die Boere wat nie meer wou veg nie is "Hensoppers" genoem en die wat saam met die Engelse geveg het is "Joiners" genoem. Teen die einde van die oorlog het die Engelse selfs Boere betaal om vir hul spioenasiewerk te doen. Hulle was bekend as die "National Scouts" en was 'n doring in die vlees van die Boere wat tot die einde met die stryd volgehou het. Laasgenoemde het die ere naam Bittereinders ontvang.

Vir die Boere wat gewoon was aan die ruimtes van die veld, was die krygsgevangenekampe 'n bittere beproewing.

1.4 DIE KONSENTRASIEKAMPE

Om die oorlog tot 'n spoedige einde te bring, het Kitchener teen die einde van 1900 besluit om die Boere te ontnem van die voorrade wat hulle by die boereplase ontvang het. Dit is gedoen deur die Boere se huise en landerye af te brand, vee dood te maak en die vroue, bejaarde mans en kinders in konsentrasiekampe te plaas. Hierdie Britse beleid het bekend geword as die "Verskroeiende aarde"-beleid. Dit het soveel ellende meegebring dat daar later deur skrywers gesê is dat die vroue verreweg die swaarste offers gebring het in die stryd vir hul land en volk se vryheid.

Daar was altesaam 48 kampe vir blankes, benewens 'n aantal spesiale kampe waar swartmense aangehou is. Die toestande in die kampe was haglik weens uiterste weersomstandighede, swak higiëne en min kos voorrade. Kindersiektes het uitgebreek en uiteindelik is ongeveer 26 000 vroue en kinders dood.

'n Engelse vrou, Emily Hobhouse, het die kampe besoek en die ellendige toestande in die konsentrasiekampe in die pers in Brittanje geopenbaar. Toe Emily Hobhouse die konsentrasiekampe in Suid-Afrika 'n tweede keer wou besoek, is sy deur Kitchener summier met 'n boot teruggestuur. Sy het egter onvermoeid voortgegaan om kos en klere vir die slagoffers in te samel. Na haar dood, is haar as aan die voet van die Vrouemonument in Bloemfontein begrawe.

1.5 DIE VREDE VAN VEREENIGING

Die Vrede van Vereeniging is op 31 Mei 1902 in Melrose-huis in Pretoria onderteken. Die Boere het hul onafhanklikheid en die oorlog verloor. Die hele Suid-Afrika was nou onder Britse beheer.

1.6 GEVOLGE VAN DIE OORLOG

Die Tweede Vryheidsoorlog het belangrike gevolge gehad. Polities was die hele Suid-Afrika daarna Brits. In 1910, toe die vier groot Britse kolonies in Suid-Afrika verenig het in die Unie, het Louis Botha die Eerste Minister daarvan geword. Vanaf 1910 tot 1948 het Boeregeneraals van die Tweede Vryheidsoorlog oor Suid-Afrika regeer.

Wat vir die Afrikaner ook belangrik was, was dat die oorlog 'n bron van inspirasie vir die toekoms geword het. Die skitterende oorwinnings van die vroeë fase van die oorlog, en veral De Wet en De la Rey se krygsvernuf in die latere fases, het van hulle volkshelde gemaak. Honderde gedigte, boeke en later rolprente en televisieprogramme het die oorlog as onderwerp gehad.

Die verwoesting van die oorlog het egter ook sy merk gelaat en 'n groot knou aan die Afrikanervolk toegedien. Dit is ironies dat die kinders die duurste prys betaal het. Sowat twee derdes van die Boere se ongevälle tydens die oorlog was kinders jonger as sestiën jaar oud.

2 MONUMENTE


Na die Vrede van Vereniging het die burgers met hul vroue en kinders na die afgebrande plase terug gekeer om weer 'n nuwe begin te maak. Die hartseer en pyn moes egter tog vir die nageslag bewaar word en daarom is verskeie monumente opgerig. Dit is immers die natuurlike verlange van 'n volk om sy helde te vereer of 'n geskiedkundige gebeurtenis te verewig. Die drang is daar om self eer en dankbaarheid te betoon en om op aanskoulike wyse die nageslagte immer aandagtig te hou en te besiel.

Gaan sit op die klipbank binne die ringmuur van die Vrouemonument. Kyk na die Moeder en Kind beeld, let op die blik van die twee vroue wat oor die vlaktes tuur. Besoek die konsentrasiekampe se kerkhowe. Staar op die presiese middaguur binne die Voortrekkermonument en wag dat die sonstrale op die woorde "Ons vir jou Suid Afrika" skyn en jy sal verstaan waarom monumente 'n nodige deel en belewenis van elkeen behoort te word.

2.1 DIE VROUEMONUMENT IN BLOEMFONTEIN

Die Vrouemonument is die bekendste en omvattendste monument ter nagedagtenis van die Anglo Boereoorlog. Op die hoofbeeld, voor die sandsteen suil, kan die seer en pyn op die gesigte van die vroue gelees word. Die een staar ver oor die Vrystaatse vlaktes terwyl die ander, met haar uitgeteerde kind op haar skoot, ook soek na die tuis-koms van haar man. Later is Pres. M T Steyn (volksman), Genl C R de Wet (krygsman) en Dr J D Kestell (godsman), hier begrawe. Hulle het as verteenwoordigers van die helde van die oorlog gedien. Na die dood van Emily Hobhouse is haar as ook hier te ruste gelê. Laastens is Mev Steyn (Tant Tibbie) ook daar begrawe.

In die Oorlogsmuseum by die Vrouemonument word die lewe van die vroue en kinders in die Konsentrasiekampe asook die mans en ouer seuns se lewe op Kommando en in die Krygsgevangenekampe, treffend uitgebeeld.



2.2 INDIVIDUE

Verskeie monumente om die heldedade van individue tydens die oorlog te gedenk, is ook opgerig. Ons noem slegs 'n paar: Genl. C R de Wet voor die Vierde Raadsaal in Bloemfontein. Danie Theron in Krugersdorp. Japie Greyling in Maitlandstraat in Bloemfontein en op Doornkloof. Die “Krygsgevangene” en die “Bittereinder” op die gronde van die Vrouemonument. Genl Beyers in Makwassie, Genl De la Rey in Lichtenburg en Genl. Louis Botha voor die Uniegebou in Pretoria.



Genl. Christiaan de Wet

Genl. Louis Botha



Genl. Koos de la Rey



Melrosehuis in Pretoria


Die Vrede van
Vereeniging is op 31
Mei 1902 hier
onderteken en hierdie
huis is ook tot 'n
Nasionale
gedenkwaardigheid
verklaar.



2.3 DIE VREDESMONUMENT IN VEREENIGING

Die Vredesmonument is op 10 Oktober 1961 deur wyle dr H F Verwoerd onthul. Die beeldhouer is Coert Steynberg. Die monument stel die herrysenis van die Afrikanervolk voor. Op die grond lê 'n man met 'n dolk in die hart. Hy beur egter omhoog, as teken dat hy geval het, maar nie sal bly lê nie. Uit hierdie gevalle figuur herrys 'n nuwe figuur: Die Boerevolk staan op! Op die monument staan die woorde: **Gewond – maar nie oorwin nie. Vereeniging 31 Mei 1902**

Die voetstuk is van graniet gebou. Daar is 'n lourierkrans wat die gesneuweldes huldig. Die gewere is dwars teenoor mekaar gerangskik, die bandolier is leeg en lê onder die hoed van die oudstryder. Die oorlog is verby. Dit is vrede



2.4 BLOKHUISE AS MONUMENTE

Die Britse magte het met groot dryfmagte begin met die doel om al die Boeremagte te probeer vang. Llangs die spoorlyne of tussen bepaalde dorpe het die Britte linies van blokhuisse gebou. In so 'n blokhuis is 'n klein afdeling soldate geplaas om te verhinder dat die kommando's deurkom. Britse kolonnes wat 'n aaneengeslote linie oor lang afstande gevorm het, het daarna begin om die kommando's in die rigting van 'n blokhuislinie te dryf. Die kommando's sou hulle dus as't ware in 'n kraal bevind waaruit hulle nie kon ontvlug nie, en dan maar sou moes oorgee.



Stellings van die belangrikste Boere- en Britse magte toe die oorlog uitbreek.



TOEKENNINGS IN GRAAD 7

1 'n SKEI OF 'n JUK VIR GETROUE BYWONING

2 DAGBREEK GRAADWIELKENTEKEN

- Hierdie kenteken is een van die vereistes om te kan kwalifiseer vir Voorslag.
- Die kenteken word verwerf deur die jaar se voorgeskrewe werk volledig af te handel voor inskrywing vir Voorslag.
- Die kenteken word in sy eie ry, in die middel, onder al die ander graadwielkentekens op die erkenningsbaadjie aangewerk.
- Die kenteken moet reeds voor die Voorslagkamp aangewerk wees.

3 VOORSLAGKENTEKEN

- Die Voorslagkenteken is 'n Nasionale toekenning en die Voorslagkamp word deur die Gebied gereël.
- Die volgende Voorslagkentekens kan toegeken word: Brons, Silwer of Goud.
- 'n Sertifikaat en 'n rapport word saam met die kenteken uitgereik.
- Die Voorslagkenteken word 10mm onderkant die Groepkenteken op die Verkenner erkenningsbaadjie vasgewerk.
- Die Voorslagkenteken word op die Verkennerdrag gedra totdat dit met die Presidentverkennerkenteken vervang word.



EK AS MENS

1 MY PERSOONLIKHEID

Geen twee persone is eenders nie. Elke mens is uniek geskape. Sedert die tyd van Adam en Eva in die tuin van Eden was daar nog nooit twee mense wat presiese spieëlbeelde van mekaar was of is nie. Nie eens identiese tweelinge is so eenders dat hulle in geen opsig van mekaar verskil nie.

Opdrag

Toets jou uniekheid prakties!

Staan twee-twee met julle gesigte na mekaar gedraai. Een van julle is 'n spieël en die ander een 'n akteur. Die akteur doen 'n reeks bewegings wat die spieël so noukeurig as moontlik moet namaak. Daar is geen beperkings op die bewegings van die akteur nie, want hy staan voor 'n vollengte spieël. Lag is toelaatbaar, maar nie gesels en kommentaar lewer nie.

Ruil na 'n rukkie die rolle om.

Beantwoord die volgende vrae nadat julle albei 'n beurt gehad het.

- *Hoe het jy gevoel om so identiteitsloos soos 'n spieël te wees?*
- *Was dit maklik om akteur te wees? Hoekom? / Hoekom nie?*
- *Wie van die twee wil jy graag wees?*
- *Was jy al in 'n situasie dat jy soos ander moes optree?*
- *Is daar iemand wie jy graag wil wees? Hoekom?*

Uit hierdie oefening kom 'n mens agter dat dit nie maklik is om iemand anders te wees nie. Dit is altyd beter om jouself te wees. Dit is soos God wil hê dat jy moet wees. Soms is dit moeilik, veral as sake nie volgens jou siening reg uitwerk nie.

Ander mense se optrede teenoor jou en wat hulle van jou sê, vorm sekere prentjies van hoe jy jouself “sien”. Dit kan negatief of positief wees en kan jou gedrag en optrede beïnvloed.

Vermyn of voorkom slaggate soos:

- Om jouself as “klein” (minderwaardig) te sien.
- Om jouself as “groot” te sien. Dit kan lei tot hoogmoedigheid.



Ons het ook nie net een beeld van onself nie, maar verskillende beelde wat saam die selfkonsep genoem word. Kyk na die volgende moontlikhede:

1.1 SELFKONSEP

Akademiese beeld	Ek snap (verstaan) maklik.	Ek moet hard leer.
Liggaamsbeeld	Ek is tevrede met my lyf.	Ek sal graag 'n paar dinge wil verander.
Selfbeeld	Ek hou van myself.	Ek hou nie van myself nie.
Sosiale beeld	Ek het baie maats.	Ek het nie baie maats nie.
Gesinsbeeld	Ek het 'n gelukkige ouerhuis.	Ek het 'n minder gelukkige ouerhuis.
Godsbeeld	Ek is seker dat ek 'n kind van die Here is.	Ek is nie seker of ek 'n kind van die Here is nie. / Ek is nie 'n kind van die Here nie.


Hierdie beelde bepaal uiteindelik wie jy is. Kom ons wees meer prakties.

Neem die wiel hieronder en maak 'n merk op die syfer wat op jou van toepassing is. Doen elke speek apart en wees baie eerlik. Dink oor jou besluit.

Verbind nou die merkies met mekaar.

Jy sal nou vind dat jou wiel dalk nie so mooi rond is soos jy sou wou hê nie en dus nie so lekker glad kan beweeg nie.

Aangesien 'n mens jouself soms te kras oordeel, noem een positiewe eienskap van elke spanlid.



***Wees eerder 'n eerstehandse weergawe
van jouself
as 'n tweedehande weergawe
van iemand anders.***




***Niemand kan jou, sonder jou
toestemming, minderwaardig
laat voel nie.***



1.2 MY LEWENSLOOP

Elke mens se negatiewe of positiewe siening van homself word bepaal deur alles wat met hom gebeur en hoe hy dit beleef en hanteer. Hierdie belewenis is telkens uniek. Geen twee mense beleef dinge wat met hulle gebeur op dieselfde wyse nie. Die een persoon kan sy been breek en dit as 'n volkome blaaskans beskou, terwyl die volgende persoon 'n soortgelyke gebeurtenis as uiters traumaties en verpletterend ervaar. Ons beleef nooit enigiets wat met ons gebeur as “gevoelloos” of “neutraal” nie. Die enigste keer wat ons lewensloop reguit loop, is die dag waarop ons gebore word of die dag waarop ons doodgaan.




'n Lewenslyn loop normaalweg op en af. Alles wat met ons gebeur, beleef ons as goed of sleg, mooi of lelik, lekker of aaklig.



Jou lewenslyn het selde sulke sagte op en af kurwes. Dit het normaalweg skerper hoogte- en laagtepunte. Die pieke en dale op jou lewensloop gaan afhang van hoe positief of hoe negatief jy bepaalde gebeurtenisse en omstandighede beleef. Hier volg 'n voorbeeld van Karel se lewenslyn.

Gebruik die bogenoemde gebeure om, soos Karel, 'n grafiek van jou eie lewensloop saam te stel.

Hoogtepunte



Laagtepunte

Maak 'n lys van die gebeure in jou lewe wat jy as aangenaam ervaar het en 'n lys van die gebeure wat minder aangenaam was.

AANGENAME GEBEURE	HANTERING VAN GEBEURE

MINDER AANGENAME GEBEURE	HANTERING VAN GEBEURE

As daar dinge in jou lewe gebeur het wat minder aangenaam is en wat jy met iemand wil bespreek, vra jou offisier om jou te help om 'n persoon te identifiseer om jou te help om die gebeure te verwerk.



Wat met my gebeur is minder belangrik as hoe ek dit hanteer.

Wat ook al met my gebeur, die Here is in beheer.

Ek het 'n keuse om positief te bly, of negatief te gly.

1.3 MY GESIN

Van al die mense met wie ons in verhoudings staan, is ons ouers seker die belangrikste. Ons bring so 'n groot deel van ons tyd saam met hulle deur en hulle is uitgesonder en aangestel om ons primêre opvoeders te wees.

A Skryf al die positiewe bydraes neer wat jy meen jou ouers tot in hierdie stadium in jou lewe gemaak het.

B Skryf die negatiewe ervarings neer wat jy tot dusver in jou verhouding met jou ouers beleef het. Bespreek moontlike oplossings vir die negatiewe ervarings.

C Noem twee dinge wat binne die gesin wrywing kan veroorsaak. Bespreek moontlike oplossings vir die gesin se wrywings.

D Hier is 'n paar wenke om in gedagte te hou wanneer opinies verskil:

Moenie te hard probeer om te bewys dat jy reg is nie.

Vermyn die woorde "Jy is verkeerd" - gebruik liever iets soos "ek mag verkeerd wees, maar dit is my mening dat ..." of

"Ek mag verkeerd wees, maar kom ons gesels daaroor..." of

"Daar steek tog iets in wat jy sê..." of

"Jammer, maar ek verskil van jou"

Vermyn die woord "Jy..."

Erken wanneer jy verkeerd is. Dit maak van jou 'n beter mens.

Jy mag sê: "Ek is jammer!"

Onthou die Bybel sê: 'n Sagte woord keer die grimmigheid af en laat die woede bedaar. Spreuke 15:1 (1983 vertaling)


Lees 1 Korintiërs 13, (1983-vertaling) maar van vers 4-7 vervang die woord "liefde" met "ek"

**Waar liefde is, is daar respek, vertroue,
verdraagsaamheid en aanvaarding.**

Leef dit uit.

E Situasies binne jou gesin.

Bespreek die volgende situasies en sê hoe jy sal optree indien jy die ouer is.



Janine, jou skool
het alweer oor jou
gedrag geskakel.
Wat gaan jy
daaromtrent doen?



Haai pa, gee dan tog
so 'n paar rand. Ek en
die "boys" wil 'n paar
goed kry vir 'n "party"



Ma verstaan alweer nie.
Almal gaan na die
sokkie by die hoërskool
en hoef eers 11 uur tuis
te wees.



My maats kry al 'n
toelaag om hulle eie
klere te kan koop,
maar julle dink ek is
nog te klein.



Ek kan niks met my
selfoon doen nie. Ek
moet 'n nuwe een hê,
want almal lag vir my.



**Dit is liefde en teerheid,
Deernis en bewondering,
Aanmoediging en waardering,
Wat die mooiste in menswees laat groei.**

2 MY HERKOMS

Net soos elkeen van ons 'n naam en 'n van het, net so het elkeen van ons 'n bepaalde herkoms (geskiedenis). Jy behoort iewers en jy het 'n identiteit. Jy het 'n voorgeslag en sal hopelik ook eendag 'n nageslag hê.

Neem deel aan die bespreking oor herkoms met jou spanlede en offisier en vul daarna die inligting in wat van jou gevra word. As jy moeite gedoen het om al die bewysstukke te bekom en die opdrag uit te voer, kan 'n hele nuwe wêreld vir jou oopgaan.

Bewysstukke kan artikels, foto's, sertifikate, speelgoed of klere wees wat herinner aan dit wat al gebeur het op plekke waar jy al in jou lewe was. Vra jou ouers om te help en soek twee dinge wat 'n storie oor jou verlede (geskiedenis) vertel. Skryf iets oor elkeen van hulle op 'n kaartjie en sit dit by die artikels.


Nou kan al die spanlede hulle artikels na 'n spanbyeenkoms bring sodat julle daaroor kan gesels en herinneringe kan uitruil.

Gesels met jou ouers, kyk na foto's, kaartjies en briewe wat jou lewensverhaal vanaf geboorte tot nou vertel. Verdeel die feite en foto's in jare.

Om die hele oefening, wat sekerlik oor 'n hele paar weke sal strek, meer sinvol te maak, sal dit die moeite loon om 'n "joernaal" van jou lewensverhaal te maak.

Jy kan:

- ☺ 'n Klein foto album gebruik;
- ☺ Poskaart grootte kaartjies in 'n mooi houer bêre;
- ☺ 'n Plakboek maak;
- ☺ 'n Konsertinaboekie vou.



Gebruik dan elke blad vir 'n jaar van jou lewe. Skryf oor iets besonders wat die jaar met jou gebeur het of plak 'n foto van 'n gebeurtenis of maak sketse wat jou storie vertel. Eindig met iets oor hierdie jaar. Nou mag dit vir jou na werk klink, maar oor so 10 of 20 jaar kan dit een van jou kosbaarste besittings wees.

Versamel soveel inligting en foto's as moontlik en voltooi dan die volgende opdragte.

Plak 'n afskrif van jou geboortesertifikaat, hier.

Gelukkig is ons nie alleenmense nie. Elkeen van ons behoort tot 'n groep en het iemand wat vir ons omgee. Versamel die inligting om die volgende te voltooi sodat jy kan sien hoe lyk die familie waaraan jy behoort.

Dit kan baie interessant word om al die gegewens saam met jou ouers en grootouers te versamel. Onthou: die vrou se **nooiensvan** (ma se geboortevan) word telkens ingevul.

Inligting vir die voltooiing van 'n geslagsregister:

1. Van _____
Volle voorname _____
Geboorteplek _____
Geboortedatum _____

2. **Ek is die kind van:**

Vader: Van _____

	Volle voorname	_____
	Geboorteplek	_____
	Geboortedatum	_____
	Sterfdatum en rede	_____
Moeder:	Van	_____
	Volle voorname	_____
	Geboorteplek	_____
	Geboortedatum	_____
	Sterfdatum en rede	_____

3. Hulle ouers:**Vader se ouers:**

Vader:	Van	_____
	Volle voorname	_____
	Geboorteplek	_____
	Geboortedatum	_____
	Sterfdatum en rede	_____

Moeder:	Van	_____
	Volle voorname	_____
	Geboorteplek	_____
	Geboortedatum	_____
	Sterfdatum en rede	_____

Moeder se ouers:

Vader:	Van	_____
	Volle voorname	_____
	Geboorteplek	_____
	Geboortedatum	_____
	Sterfdatum en rede	_____

Moeder: Van _____

Volle voorname _____

Geboorteplek _____

Geboortedatum _____

Sterfdatum en rede _____

- Kyk of jy by jou ouers en grootouers die volgende inligting kan bekom:


- Wat is die land van herkoms (stamland) van julle familie? _____
- Wanneer het julle stamvader na jou geboorteland gekom? _____
- Waar in jou geboorteland het hy hom gevestig? _____
- Wat was sy beroep? _____

- Dit is baie lank die gewoonte in sommige families dat die kinders familienaam kry. Kyk op jou geslagsregister of julle familie ook familienaam het.

- Het jy 'n familienaam? _____
- Wie se naam was dit? _____
- Wat is jou volle naam? _____
- Wat beteken jou naam? _____
- Het julle 'n familiewapen? _____

Dit is maklik om die familie en gesin aan mekaar te skakel as ons die beeld van 'n boom met baie takke gebruik. Die takke het almal uit een stam gegroei, met ander woorde, daar is een bron waarvandaan al die takke hulle lewe kry.


**Dit is altyd lekker om te weet jy behoort aan 'n groep
en
dat daar mense is wat vir jou lief is.**



3 STAMBOOM

Gebruik die bostaande inligting om jou stamboom mee in te vul.

Gebruik gekleurde plakkers, skryf jou familieledes name elkeen op 'n plakkertjie en plak dit dan in die korrekte volgorde op die boom.



As die hoofstuk vir jou interessant was, kan jy gerus kyk of jy foto's van jou oupas, oumas, pa en ma kan kry en raam dit dan saam met joune.

Wat beteken die volgende woorde? Maak gebruik van 'n woordeboek soos byvoorbeeld die HAT.

Stam (Familie)_____

Stamboom_____

Stamvader_____

Stamland_____

4 SELFHANDHAWING

Selfhandhawing moet nie met selfsug verwar word nie. Dit behels nie die aggressiewe aandrang op eie regte nie en verontagsaam nie die regte en behoeftes van ander nie. Om selfhandhawend te wees, beteken om op jou eie regte te staan, maar ook dié van ander te respekteer.

ELKE MENS HET DIE BASIESE REG OM:

- eie godsdienste en kultuur te beoefen en te bevorder;
- goed te voel oor homself;
- foute te maak;
- te vra wat hy wil hê;
- 'n mening te hê;
- te besluit waartoe hy in staat is;
- so op te tree dat hy sy selfrespek bevorder;
- met respek behandel te word;
- “nee” te sê en nie skuldig te voel daarvoor nie; en
- gevoelens te ervaar en uitdrukking daaraan te gee.

Met ander woorde:

Jy het die reg tot enige iets, solank dit nie die regte van iemand anders benadeel nie.

Bespreek hierdie stelling en noem nog voorbeelde waartoe jy die reg het.

Mense is nie eenders nie en juis daarom verskil ons soms so drasties met mekaar dat dit op 'n stryery uitloop. Aangesien ons van mekaar verskil, behoort ons mekaar tot albei se voordeel aan te vul. Die manier waarop jy optree, sal bepaal of jy van die verskille 'n geleentheid of 'n verleentheid maak.

Daar is drie maniere waarop mense kan optree:

<u>PASSIEF</u>	<u>SELFHANDHAWEND</u>	<u>AGGRESSIEF</u>
(klem op ander)	(klem op self en ander)	(klem op self)
temerige stem	vaste, seker stem	harde stem
saamgevoude hande	ontspanne hande	wysvinger
skuifelende voete	regop, fier houding	gevoude arms/gebalde vuiste
neergeslane oë	direkte oogkontak	oë blits

Bespreek:

- Hoe laat 'n **passiewe** persoon jou voel?
- Hoe laat 'n **aggressiewe** persoon jou voel?
- Dink jy 'n **selfhandhawende** persoon is altyd suksesvol? Motiveer.



- Aan die woorde wat mense gebruik wanneer hulle praat, kan jy agterkom of hulle passief, aggressief of selfhandhawend is. Kyk na die lysie en stel vas waar jy inpas.

PASSIEF	SELFHANDHAWEND	AGGRESSIEF
Miskien	ek sal	jy beter
ek dink	ek weet	as jy nie
ek wonder	ek voel	pasop
Ekskuus	laat ons	jy moet
ek weet nie	wat dink jy?	weet jy nie?
verskoon my van	kom ons	

Besluit saam hoe julle in elk van die volgende situasies sal optree:

passief, aggressief of selfhandhawend.

- 'n Groep waarby jy baie graag wil inskakel, sê dat die enigste vereiste om by hulle in te skakel, is dat jy *Die Voortrekkers* moet los. Wat sal jou optrede wees?
- Jou beste maats nooi jou na 'n partytjie toe. Jy weet hulle gaan baie rook/drink. Hoe sal jy optree?
- Jy het moeite gedoen om jou huiswerk goed en reg te doen. 'n Gewilde klasmaat vra gereeld voor skool jou boek en skryf alles af. Jy voel dit is nie reg nie en wil weier om dit te doen. Hoe gaan jy te werk?
- Jy betaal die kassier vir tamaties wat jy vir die Voortrekkerkamp gekoop het. Die tamaties lyk gesond. By die huis sien jy dat die helfte daarvan sleg is. Wat sal jy nou doen?
- Bespreek ook situasies wat julle reeds beleef het.


5 GROEPSDRUK

Dit gaan dikwels by groepsdruk daaroor dat ons moet bepaal wat reg of verkeerd is. Die norm is dikwels die groep en hoe die groep voel. Indien jy egter self kan uitmaak of iets reg of verkeerd is, sal dit makliker wees om standpunt in te neem, maar as jy onseker is, kyk jy na die groep om jou te help om tussen reg en verkeerd te kies.

Groepsdruk is so sterk omdat alle mense 'n behoefte aan liefde en aanvaarding het. God wil oorspronklik hê dat hierdie behoefte vervul moet word in 'n verhouding met Hom. Hy wil hê dat jy sekuriteit daarin moet vind dat Hy jou as unieke kind gemaak het, liefhet en aanvaar. Solank jy nie hiervan oortuig is nie, sal jy meer en meer aanvaarding by mense soek en dalk jouself in die posisie bevind dat die mening van 'n vriend of vriende die dryfkrag in jou lewe word.

Om deel te kan wees van sekere groepe, word daar dikwels van jou vereis om byvoorbeeld soos die groep op te tree of aan te trek. Die een wat soms toegee aan die eise van die groep, is dikwels die een wat bang is om "uit" te wees en wat nie 'n eie standpunt het nie. Deur toe te gee, word die aanvaarding van die groep gesoek.

Groepsdruk kan positief of negatief wees. As jy 'n verskil wil maak, moet jy meer doen as om bloot negatiewe druk te weerstaan! Jy moet positiewe groepsdruk uitoefen. Oefen positiewe groepsdruk uit waar jy ook al gaan. Probeer om elke persoon wat binne jou invloedssfeer kom, aan te moedig om sy omstandighede te verbeter deur op te tree soos sy gewete hom lei. Om teen die stroom te swem, verg baie krag. Dis altyd makliker om eenvoudig saam met die stroom te gaan. Daarom is dit belangrik dat jou beste vriende saam met jou in die regte rigting gaan. Jy moet jouself met die regte soort vriende omring - vriende wat jou daagliks motiveer om vir Christus te leef!



Meng jou met die semels
dan vreet die varke jou op

Verwys ook na Selfhandhawing: basiese regte.

Hoe kan ek weet of iets reg of verkeerd is?

As jy wonder of iets reg of verkeerd is, vra jouself hierdie vrae. Dit sal jou help om die regte keuse te doen:

- Die persoonlike toets (ek) - Sal ek, deur dit te doen, 'n beter of 'n slegter mens wees?
- Die praktiese toets (gebeur) - Sal dit gewenste of ongewenste gevolge hê?
- Die sosiale toets (maats) - Sal dit ander beïnvloed om beter of slegter mense te wees?
- Die universele toets (almal) - Gestel almal doen dit, kan ek anders kies?
- Die skriftuurlike toets (10 gebooie) - Word dit beslis in die Woord van God verbied?
- Rentmeesterskaptoets (talente) - Sal dit 'n vermorsing wees van my Godgegewe talente?
- Die sendingtoets (vertel van Jesus) - Sal dit die uitbreiding van God se Koninkryk aanhelp?
- Die karaktertoets (ek wil) - Sal dit my sedelik sterker of swakker maak?
- Die publisiteitstoets (geheim) - Sou ek wou hê my vriende en familie moet daarvan weet?
- Gesonde verstandtoets (kop) - Weerspieël dit goeie alledaagse gesonde verstand?
- Die gesinstoets (familie) - Sal dit my gesin eer of onteer?
- Die vriendskapstoets (vriende) - Sal dit in die belang van my maats wees?



**Sal God tevrede
of teleurgesteld wees
met wat ek oorweeg om te doen?**


Wat sal Jesus doen?

Hier is nog 'n paar wenke wat jou kan help om groepsdruk te weerstaan:

- Werk aan jou selfbeeld.
- Lees en oordink Sy Woord sodat jou gewete opgeskerp kan bly.
- Bid elke dag.
- Stel vir jouself 'n gedragskode op.
- Besluit vooraf hoe jy in die hitte van die oomblik gaan optree.
- Vermoed negatiewe groepsdruksituasies.
- Wees altyd eerlik met jouself en ander.
- Oefen positiewe groepsdruk uit.
- Lewe voluit vir Jesus.

Spreuke 18 vers 24: (1983 vertaling)

Maats kan jou breek, maar daar kan ook 'n vriend wees wat nader is as 'n broer.




Gee gerus toe aan POSITIEWE groepsdruk.

6 MY ONTWIKKELING AS LEIER

- 'n Leier is 'n persoon wat uit 'n groep mense gekies, uitgesoek, aangewys of versoek is en onderneem het om saam te werk om 'n gemeenskaplike doel te bereik. OF
- 'n Leier is iemand wat geleende gesag oor 'n bepaalde groep mense uitoefen vir 'n spesifieke doel.
- Leierskap is die vermoë om volgelinge te trek en lei.

Bespreek die verskil tussen gesag en mag?

Kyk na die volgende twee tabelle. In tabel A is daar een lyn en in tabel B is daar drie lyne. Kies **sonder om te meet**, een van die lyne, in tabel B wat dieselfde lengte het as die lyn in tabel A.



- Wanneer ons aan leiers dink, is dit dikwels aan die akademiese leier of die ou wat sy weg oop kan praat. Ons kry egter leiers op elke gebied van die lewe soos sport, godsdiens, politiek, medisyne, wiskunde, musiek en letterkunde. Dink aan nog 'n paar.
- Kom ons dink bietjie aan die eienskappe van 'n goeie leier. Oor watter eienskappe kan die persoon beskik wat jou lei? Dinge soos betroubaar, vriendelik, opreg, standpunt kan inneem.

lewenslustig	hardwerkend	opreg
neem standpunt in	betroubaar	geduldig
Stiptelik	eerlik	motiveerder
respekteer ander	lei deur voorbeeld	kommunikeerder
delegering	eerbaar	goeie lewenswaardes
selfvertroue	selfdiscipline	integriteit
doeltreffendheid	toewyding	deursettingsvermoë

Voltooi en bespreek die eienskappe van 'n leier en 'n volgeling.

LEIER	VOLGELING

6.1 LEIERSKAP:

- Omdat 'n leier 'n groep mense moet lei om 'n spesifieke opdrag georganiseer en gedissiplineer uit te voer, moet hy weet wat hy wil doen en hoe hy dit gaan doen. Die leier moet dus goed voorbereid wees.
- Dit is belangrik om te weet dat 'n leier nie 'n baas is nie, maar bloot 'n persoon wat in 'n spesifieke situasie die leiding neem en saam daarmee die verantwoordelikheid aanvaar vir die taak en die mense met wie hy saamwerk.
- Om goed leiding te gee, moet jy ook bereid wees om in ander situasies 'n ander leier se leiding te aanvaar. Leierskap en gesagsaanvaarding loop dus hand aan hand.

6.2 GESAGSAANVAARDING:

- Gesagsaanvaarding beteken om die persoon wat oor jou aangestel is se redelike en billike opdragte uit te voer. Met ander woorde: luister en doen.
- Enige organisasie, skool, huis en span se lede moet na hul leiers luister, anders is daar chaos.

Lei soos jy graag gelei wil word.

Volg soos jy graag gevolg wil word.

- Kies twee van die onderstaande situasies en sê waarom jy in daardie situasie 'n goeie leier sal wees.
 - Kaptein van sportspan
 - Spanleier
 - Programleier
 - Leier van 'n nagmarsgroep
 - Organiseerder van 'n verkoping
 - Leier in noodsituasie
 - Klasleier by die skool
 - Godsdiensteleier

- Kies nou 'n situasie uit bogenoemde waar jy jouself glad nie as leier sien nie en sê waarom nie.

Noem twee eienskappe waaraan elkeen van die volgende leiers moet voldoen as hulle suksesvol wil wees.

Seremonieleier: _____

'n Sangleier: _____

'n Spelleier: _____

6.3 BESPREEK DIE TAKE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN 'n LEIER ONDER DIE VOLGENDE OPSKRIFTE.

Beplanning _____

Doelwitstelling _____

Delegering _____

Probleemoplossing _____

Kommunikasie _____

Redevoering _____

Motivering _____

Jy gaan nou die geleentheid kry om as leier op te tree deur in beheer te wees van spanspele. Jou offisier sal help waar nodig.

6.4 'n "HELPLYSIE" VIR DIE SPELLEIER

- Wees goed voorbereid. Weet wat jy wil laat speel en sorg vir die nodige apparaat.
- Gebruik 'n fluitjie as die groep groot is.
- Die spelleier moet self entoesiasies wees en dit saam met die groep geniet.
- Moedig voortdurend aan en gee erkenning.
- Hou die groep dop om te sien of hulle die spel geniet, staak spel as daar onwilligheid is of voordat hulle verveeld raak.
- Maak seker dat almal kan hoor as jy praat, en dat almal luister as jy praat.
- Maak seker dat almal die reëls verstaan, voor jy begin.
- Doen eers 'n oefenrondte as die speletjie onbekend is.

6.5 KEUSE VAN SPELETJIES

- Die speletjie moet pas by die geleentheid.
- Die spel moet pas by die ouderdomsgroep waarmee gespeel word.
- Spele mag verskil wanneer geslagte apart of saam speel.
- Die plek en beskikbare apparaat sal 'n rol speel by die keuse van spele.
- Leer gereeld nuwe speletjies aan.
- Die getal deelnemers sal ook die tipe speletjie bepaal wat gebruik kan word.
- Wissel bewegingspeletjies met rustiger speletjies af.

EK IN MY OMGEWING

1 STADS- ENDORPSKAARTE

Ons gebruik kaarte om vas te stel waar plekke geleë is en wat die afstande tussen verskillende plekke is. Aangesien werklike afstande te groot is om op 'n kaart aan te bring, word 'n kaart volgens 'n bepaalde skaal geteken met ander woorde vir elke 10 km werklike afstand word 2 cm op die kaart aangebring.

Die skaal is dus: 5 km: 1cm

30 km is dus 6 cm

Opdrag

Meet die lyne hieronder en bepaal hoe lank die afstande werklik is.

Die skaal is 25 m = 1 cm

1. _____


2. _____

3. _____




Reguit afstande is dus maklik om te meet, maar afstande met draaie en kurwes gee probleme met 'n liniaal of maatband.

Ons gebruik 'n stukkie tou, plaas dit al op die pad waarvan die afstand gemeet moet word. Merk die begin- en eindpunt op die tou. Haal die tou van die kaart af, plaas dit op 'n liniaal en meet die afstande tussen die twee merkies.



Deur na die lugfoto en sketskaart te kyk, behoort jy die vrae te kan beantwoord.

Sketskaart



Opdrag

- Stel vas waar Noord is en dui ook die ander drie hoofrigtings aan.

Beantwoord nou die volgende vrae:

- Merk die kerk op die kaart met die letter **K** en die hospitaal met 'n **H**.
- Wat is langs die hospitaal op die sketsplan wat nie op die foto sigbaar is nie?
- Wat is die kortste pad vir Pieter om van die skool na sy huis te stap? Hy woon in die middelste huis op die rivierwal.
- Watter twee groot geboue is wes van die rivier?
- Wat is suid van die motorhawe?

Opdrag

- Bekom 'n topografiese kaart van jou omgewing en bepaal waar noord is.


- Omdat kaarte klein is en baie inligting moet bevat, word verskillende tekens gebruik om landmerke soos geboue, paaie, kragdrade, lughawens en riviere aan te dui.
- Bestudeer die legende (dit is die blokkie met die simbole soos genoem) op die kaart om vas te stel watter tekens gebruik word.
- Bespreek die verskillende tekens in die legende en dui op die kaart aan waar dit voorkom.

2 METODES OM RIGTING TE BEPAAL

2.1 DIE KOMPAS

Die kompas is 'n instrument wat dwarsdeur die wêreld gebruik word om rigting te bepaal. Dit is nie 'n uitgemaakte saak waar die eerste kompas gebruik is nie, maar die moderne kompas is die tipe wat deur Lord Thomas Kelvin ontwerp is en bestaan basies uit een of meer gemagnetiseerde staalnaalde wat op 'n saffierbussie draai, omhul deur nie-magnetiese materiaal soos byvoorbeeld koper, glas of plastiek.

Dit is bekend dat vanweë groot magneetsteenreuslae in Noord-Kanada (net binne die Noordpoolstreek) 'n kompasnaald, indien dit vry draai, in daardie rigting sal neig. Dit noem ons die *magnetiese noord*, maar dit is nie die ware noord nie. In Suid-Afrika en Namibië wys die kompasnaald ongeveer 17° wes van die ware noord. Dit staan bekend as die magnetiese deklinasie of magnetiese afwyking.



2.2 HORLOSIE EN SON



Gebruik verkieslik 'n horlosie met wysers.

Draai die horlosie sodat die 12 na die son wys.

Plaas nou 'n dun stokkie vertikaal op die 12 en draai totdat die skaduwee daarvan tot oor die 6 strek.

Trek dan 'n denkbeeldige lyn halfpad tussen die uurwyser en die 12 soos op die skets.

Hierdie lyn is die Noord-Suidlyn.





2.3 SKADUWES

Kom ons kyk na wat ons reeds weet.

- Die son kom in die ooste op.
- Die son gaan in die weste onder.


Lig jou arms skouerhoogte met jou regterhand na oos waar die son opkom. Jy kyk nou noord. Met ander woorde: Jy het reeds die vier windrigtings bepaal.

- As dit vroeg in die môre is, val jou skaduwee wes.
- As dit laat in die middag is, val jou skaduwee oos.
- In die middel van die dag val jou kort skaduwee suid.



2.4 SUIDERKRUIS

Die Suiderkruis bestaan uit sewe sterre, waarvan vier die langwerpige kruis vorm en die ander twee die wysers is om die ware Suiderkruis aan te dui. Verleng die lang as van die kruis met $4\frac{1}{2}$ maal sy lengte (na die lang punt van die kruis). Verbind nou hierdie punt direk af met die horison om suid te bepaal (Doen dit met jou vinger teen die hemel.)



3 ROETEMARS (NIE 'n NAGMARS NIE)

Luister goed na wat jou offisier vertel van die roetemars en wat julle moet doen.

Volg dan die roetemars wat jou offisier opgestel het deur die stad/dorp of veld.

4 KAMPERING

Al is jy reeds 'n ou kampeerder of al is dit jou eerste kennismaking met Voortrekkerkampe, gaan ons vir jou 'n klompie inligting gee wat vir jou in die toekoms waardevol sal wees.

Die van julle wat al 'n paar jaar in *Die Voortrekkers* is, sal al met sommige van die inligting kennis gemaak het.

4.1 WAT IS 'n KAMP?

Dit is wanneer 'n groep Voortrekkers, weg van die huis, vir hulself 'n slaapplek en eetplek asook ander geriewe inrig om oor 'n aantal dae 'n bepaalde program af te handel.

4.2 WAT DOEN VOORTREKKERS OP 'n KAMP?

- Elke Voortrekkerkamp moet 'n bepaalde doel hê.
- Daar moet vooraf 'n volledige program opgestel word.
- Die duur van die kamp en die terrein kan grootliks die program bepaal.
- Aankoms en vertrektye, opstaan en gaan slaap, etes en verversings, vlagseremonies, godsdienste, werksessies en aandprogramme moet op 'n program aangedui word. In die program is daar dus tyd vir speel en werk.

4.3 WAAROM KAMP VOORTREKKERS?

- Om God in Sy skepping te leer ken en dien
- Om ons kennis uit te brei
- Om ons maats beter te leer ken
- Om saam met ander mense dinge te doen
- Om te leer om leiding te neem
- Om selfstandig te kan optree
- Om die natuur te leer ken en geniet



4.4 WATTER SOORT VOORTREKKERKAMPE IS DAAR?

- Spankampe: Offisier en spanlede kamp ten minste een nag saam.
- Kommandokampe: Alle offisiere en spanne kamp saam.
- Oordkampe: Alle kommando's in die oord kamp saam.
- Gebiedskampe: Alle oorde in die gebied kamp saam.
- Nasionalekampe: Alle gebiede in *Die Voortrekkers* kamp saam.

4.5 WAT IS DIE VEREISTES VIR 'n GOEIE KAMPTERREIN?

- Dit moet voldoen aan die vereistes van die program.
- Dit moet bereikbaar wees.
- Dit moet veilig wees.
- Skoon drinkwater moet beskikbaar wees.

- Daar moet genoegsame natuurlike skuiling wees.
- 'n Gelyke terrein is meer geskik as 'n skuins of klipperige terrein.
- Die organiseerders moet weet wat die windgevaar, brandgevaar en moontlikheid vir oorstromings is.

4.6 HOE WORD 'n KAMP BEKENDGESTEL?

'n Paar weke voor die kamp word 'n kampbrief saamgestel waarin alle moontlike inligting oor die kamp vervat is. Die brief word gestuur aan die ouers van almal wat die kamp gaan bywoon. Hierdie datums word gewoonlik ook reeds op die jaarprogram aangedui.

4.7 WAT WORD SAAMGENEEM?

Omdat 'n tent nie so gerieflik soos jou kamer is nie en julle 'n hele klomp in die tent sal wees, moet jy nie onnodige of waardevolle items saamneem nie.

Kies 'n stewige tas vir jou klere - onthou dit is jou laaikas op die kamp.

Maak 'n stewige sak vir jou beddegoed.

Maak 'n sakkie waarin jou eetgerei gepak kan word.

Merk alle items.



4.8 KONTROLELYS


Beddegoed
Eetgerei
Toiletware en handdoek
Bybel
Warm baadjie of trui
Stapskoene of tekkies
Voorgeskrewe Voortrekkerdrag
Gemaklike klere
Onderklere
Sonbrandmiddel en hoed
Muskietafweermiddel
Kamera, flits en musiekinstrument is opsioneel
Enige items wat in die kampbrief gevra word vir die werk wat op die kamp gedoen gaan word.

Hierdie lys mag van kamp tot kamp verskil.

4.9 IS DAAR REËLS OP 'n VOORTREKKERKAMP?

Omdat daar 'n groot aantal mense op 'n kamp is, is dit nodig dat daar reëls is sodat almal lekker en veilig kan kamp. Kampreëls sal van kamp tot kamp verskil. Hier volg egter 'n paar basiese reëls:

- Gehoorsaam alle fluitseine en bevele.
- Niemand mag die kamp verlaat sonder toestemming nie.
- Geen plantegroei, geboue of meubels mag beskadig word nie.
- Handig persoonlike medisyne by die kampbestuur in.
- Handig waardevolle artikels (byvoorbeeld selfone) by die kampbestuur in.
- Moenie rommel strooi nie.
- Moenie vuurmaak sonder volwasse toesig nie.
- Dogters en seuns kuier nie in mekaar se tente of kamers nie.



4.10 HOE WORD ETES OP 'n KAMP HANTEER?

Kampe groter as spankampe maak gewoonlik van 'n sentrale kombuis gebruik. Voortrekkers tree vir etes aan. Voor die kos bedien word, word die seën gevra.

Die fluitsein vir etes is: • • • • — • (Kos is op die taaa-fel!)

GOEIE MANIERE:

- Sê “asseblief” en “dankie”.
- As jy iets nie eet nie, sê beleefd: “Nee dankie”.
- As jy lekker geëet het, sê dit vir die kokke.
- Maak skoon waar jy gemors het.

MOENIE

- Kos mors nie.
- Meer neem as waarop jy geregtig is nie.
- Meer neem as wat jy kan eet nie.
- Te veel lekkers eet nie.
- Wegbly van etes nie.

4.11 WAARNA MOET ONS OPLET WANNEER ONS IN DIE VELD VUURMAAK?

- Hou die wind dop - moenie vuurmaak wanneer die wind sterk waai nie.
- Moenie vuurmaak tussen plante en onder bome nie.
- Bly weg van kragdrade en kables.
- Moet nooit 'n vuur alleen laat nie.
- Blus die vuur behoorlik, begrawe as en gebrande hout.
- Laat die vuurmaakplek netjies agter.

Nota: Vermoed die gebruik van paraffien of enige brandstof, as jy vuurmaak - veral by kampvure.

4.12 FLUITSEINE

Die fluitseine vir:

Etes: • • • • — • (Kos is op die taa-fel!)

Gevaar: • —

Alles reg: • • (Als reg)

Kom bymekaar: • • • —

Aandag: — (Blaas eers aandag voor enige ander fluitseine gebruik word)

SOS: • • • — • • • (Mayday)

4.13 NOODHULP**A Bloedstelping**

- Plaas 'n drukkussing op die wond om die bloeding te stop.
- Lig die ledemaat hoër as die hart.
- As die bloeding gestop het, verbind die wond deeglik.



N.B. Wees baie versigtig om nie met iemand anders se bloed in aanraking te kom nie.
Dra altyd rubberhandskoene of plastiese sakke oor jou hande.

B Beenbreuke

**Immobiliseer beteken, om die ledemaat so vas
te bind dat dit nie kan beweeg nie.**

Behandeling:


- Laat die pasiënt dadelik gemaklik lê met die beseerde liggaamsdeel in 'n gemaklike posisie. Immobiliseer indien moontlik.
- Indien die pasiënt koud kry, maak hom liggies toe. As hy warm kry, sorg vir koelte of waai lug oor hom. 'n Pasiënt met 'n fraktuur ly altyd aan skok en sal altyd koud kry namate die skok toeneem.
- Stel die pasiënt gerus en kry so gou moontlik hulp van 'n grootmens.

NB: Moenie die pasiënt self probeer vervoer nie. Dit kan meer kwaad as goed doen.

C Floute

- Die kop moet laer as die voete lê sodat die bloed weer na die brein kan terugvloei.
- Stywe klere moet losgemaak word, sodat hy goed kan asemhaal.
- Die pasiënt moet baie vars lug kry.
- Nadat hy weer reg is, moet hy warm tee of koffie kry om te drink.


Herstelposisie



Skokposisie

D Verstikking

- Laat die pasiënt oor jou skoot hang met sy kop na onder en gee hom 'n paar harde klappe tussen die skouerblaaie, of
- Steek 'n vinger in sy keel sodat hy naar word en die voorwerp uitbraak.

**E Die drametodes**


Abba



Tweehandsitplek



Driehandsitplek



Vierhandsitplek

4.14 WAAROM IS KENNIS VAN KNOPE EN VASWOELE NODIG?

Verwys na bl. 19 in Graadwiel 6.

EK AS VOORTREKKER

1 DIE GESKIEDENIS VAN DIE VOORTREKKERBEWEGING

1910's	Dr CF Visser begin met planne om 'n Afrikaanse jeugbeweging te stig.
	Die uiteindelijke stigting en naam, Die Voortrekkers , is te danke aan CF Visser. Daarom word hy Vader Visser genoem, 'n Eretitel wat Die Voortrekkers aan hom gegee het.
1920's	By die Hoërskool Sentraal in Bloemfontein word die eerste kommando gestig.
	Nog 2 kommando's word gestig in Graaff-Reinet en Nieuwoudtville.
1930's	Onderhandelinge vind plaas met die Boy Scouts vir 'n gesamentlike beweging, maar dit misluk omdat daar nie ooreengekom kon word nie oor sake soos 'n vlag, belofte, amptelike taal en maatskaplike integrasie tussen blank en nie-blank.
	Amptelike stigting van Die Voortrekkers op 30 September 1931 .
	Die destydse Eerste minister, Generaal JBM Hertzog, lyf die eerste Voortrekkers in.
1940's	Fakkellope tydens die Groot Trek Eeufees en hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in Pretoria in 1938.
	Eerste Hoofleier: Dr NJ van der Merwe
1940's	Voortrekkers neem deel aan inwyding van die Voortrekkermonument in Pretoria in 1949.
	Tweede Hoofleier: Dr CF Visser (Vader Visser)
1950's	Voortrekkerfakkelloop tydens die Van Riebeeckfees in Kaapstad.
	Derde Hoofleier: Dr J de V Heese (Oom Japie)
1960's	Voortrekkers neem deel aan Republiekwordingsfeeste en inhuldiging van die eerste staatspresident, Advokaat CR Swart, op 31 Mei 1961 .
	Voortrekkers neem deel aan die eerste Republiekfees (5 jaar).
	Balkies word aan die eerste Presidentsverkeners oorhandig deur staatspresident CR Swart.
	Vierde Hoofleier: Mnr JFP Badenhorst
1970's	Voortrekkers neem deel aan die inwyding van die Bloedriviermonument in Natal.
	Voortrekkers neem deel aan die inwyding van die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl in 1975.
1980's	Die Voortrekkers se 50ste verjaarsdag (1981)
	Voortrekkers neem landswyd deel aan die 150 jaar herdenkingsfeeste van die Groot Trek.
	Vyfde Hoofleier: Mnr BH Badenhorst
	Sesde Hoofleier: Prof CWH Boshoff
	Sewende Hoofleier: Ds JPL van der Walt
1990's	Landswye vlagneerleggingseremonies toe die vorige landsvlag met die huidige landsvlag vervang is.
	Herdenking van die uitbreek van die Anglo-Boere oorlog.
	Agste Hoofleier: Prof TP Dreyer
2000's	Eeufees herdenking van die Anglo-Boereoorlog.
	Nasionale kamp by die Voortrekkermonument met Die Voortrekkers se 75ste verjaarsdag
	Negende Hoofleier: Prof PJ Strauss
2010's	Die Voortrekkers se 85ste verjaarsdag word landswyd by Afrikaner monumente gevier.
	Huidige Beskermheer en Beskermvrou: Mnr Nico Tromp en Mev Corrie Scheepers
	Tiende Hoofleier: Dr D Langner

2 GRONDSLAG

Die grondslag van *Die Voortrekkers* is God Drie-enig se openbaring aan ons deur die Bybel en die skepping.

Dit bepaal my totale optrede en gesindheid teenoor my volk, my land en my medemens.

- Verduidelik in jou eie woorde hoe die Bybel jou lewe bepaal.

- Verduidelik nou hoe die Skepping jou lewe beïnvloed.

3 DIE WESE

***Die Voortrekkers* is 'n kultuurbeweging wat ons lede, in besonder die jeug, toerus om as moderne Afrikaners, positiewe Burgers en konsekwente Christene hulle roeping deur diensbaarheid uit te leef.**

Die wese dui aan wat die Voortrekkerbeweging is.

Om dit goed te verstaan antwoord die volgende vrae:

- Watter soort Beweging is *Die Voortrekkers*? _____
- Vir wie is *Die Voortrekkers* daargestel? _____
- Wat word as basis gebruik vir alles wat *Die Voortrekkers* doen? _____
- Tot wie se eer moet ons leef? _____
- In wie se diens moet ons staan? _____
- Wat moet Voortrekkers gebruik om te weet of hulle buite en binne die Beweging korrek optree? _____

Verduidelik in jou eie woorde:

Kultuur is: _____

4 DIE VOORTREKKERKODE

- 1 'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.
- 2 'n Voortrekker se woord is sy eer.
- 3 'n Voortrekker is gehoorsaam.
- 4 'n Voortrekker leef met respek.
- 5 'n Voortrekker is trots op ons taal, kultuur en erfenis en bevorder dit.
- 6 'n Voortrekker leer uit die geskiedenis en bou daarop voort.
- 7 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
- 8 'n Voortrekker neem leiding.
- 9 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
- 10 'n Voortrekker is diensbaar.

Verduideliking

- 1 'n Voortrekker is 'n Christen, leef elke dag dankbaar, lees die Bybel, bid tot God en is 'n getuie vir die uitbreiding van Sy koninkryk.
- 2 'n Voortrekker is eerlik, doen wat hy beloof het en leef met integriteit.
- 3 'n Voortrekker is gehoorsaam aan die mense wat oor hom gestel is soos ouers, onderwysers en Voortrekkeroffisiere.
- 4 'n Voortrekker het eerbied vir ander mense, ander gelowe, ander kulture en ander tale en neem ander mense in ag.
- 5 'n Voortrekker praat Afrikaans suiwer, rig nuwe monumente op en is trots op en waardeer ons kultuurgood en erfenis en pas dit op.
- 6 'n Voortrekker ken sy volk se geskiedenis en leer daaruit vir die toekoms.
- 7 'n Voortrekker is lief vir ons diere, plante en grond en bewaar dit.
- 8 'n Voortrekker kan voorvat en die regte rigting aanwys.
- 9 'n Voortrekker is wakker en bewus van wat om hom aangaan en is voorbereid om in enige situasie op te tree.
- 10 'n Voortrekker leef met deernis, help in nood en dien ander.

5 DIE PENKOP- EN DRAWWERTJIEBELOFTE

Ek sal oral en altyd probeer om 'n Voortrekker te wees, om gehoorsaam te wees, om my volk, my land en my medemens te dien en bo alles die Here lief te hê.

Ek sal	gemotiveerd om iets te wil doen
oral	enige plek, altyd, aanhoudend
En altyd probeer	al gaan ek dit nie die eerste keer regkry nie
om 'n Voortrekker te wees	alles te doen wat van my as Voortrekker verwag word
om gehoorsaam te wees	te luister sonder redekawel
om my volk	die mense wat net soos ek leef, dink en doen
my land	die plek waar ek en my mense woon
en my medemens	die mense rondom my
te dien	om te gee en te help
en bo alles	die belangrikste
die Here lief te hê	om aan Hom gehoorsaam en getrou te wees.

6 DIE VOORTREKKERWAPEN

Die Voortrekkerwapen bestaan uit:

- Die voorwiel van 'n kakebeenwa
- 'n Brandende fakkel
- Die leuse onderaan: HOU KOERS

Die kleure van die Voortrekkervlag is in die wapen ingewerk. Die Voortrekkerwapen is ontwikkel uit die idees wat prof. B. Taute reeds voorgestel het.

Die leuse was die voorstel van dr. N. J. van der Merwe, die eerste hoofleier van *Die Voortrekkers*.

Die Voortrekkerwapen en -leuse smee al *Die Voortrekkers* oor die lengte en breedte van Suidelike Afrika saam in een hegte, warmte eenheid, toegewy aan dieselfde ideale.



Die wiel

Die wiel is die voorwiel van 'n kakebeenwa en bind ons aan die Groot Trek, een van die grootste heldegebeurtenisse in ons volksgeskiedenis.

Die voorwiel gee die rigting aan en hou die koers.

Die wiel dui ook op beweging en vooruitgang.

Die wiel dra verder die laste van die wa en dui op stewigheid, betroubaarheid en diensvaardigheid. Die naaf, die speke, die velling en die band wat saam die wiel vorm, dui op eenheid en samehörigheid.

Die 10 speke van die wiel verteenwoordig die 10 reëls van die Voortrekkerkode.

Die brandende fakkel

Die fakkelvlam simboliseer die lig van die Christelike en Westerse beskawing. Ons voorouers het hierdie leefwyse aan die inboorlinge bekend gestel.

Die fakkelvlam dien ook as aansporing aan elke Voortrekker om te lewe as 'n positiewe voorbeeld vir ander.

Die leuse – Hou Koers


Die leuse dien as aansporing om steeds koers te hou. Soos ons voorgeslagte met seilskepe oor groot oseane of in hulle waens oor die onbekende vlaktes kon koershou, moet ook ons weet waar ons vandaan kom en waarheen ons op pad is, want dan alleen kan ons Koers Hou.

7 DIE VOORTREKKERVLAG

Toe *Die Voortrekkers* in 1839 in Natal 'n eie republiek gevorm het, het hulle ook op 'n eie vlag besluit. Daar is besluit op die ou vertroude rooi, wit en blou kleure. Die Natallers het gevoel dat hulle nie die kleure horisontaal kon plaas nie, want dit was dan dieselfde vlag as die van die Kaapkolonie. Indien die drie bane vertikaal geplaas sou word, het die vlag weer net soos die vlag van die Franse Republiek gelyk. Om die kleure in 'n ander volgorde te plaas, sou ook 'n groot breuk met die verlede wees. Daar is toe besluit op 'n vormverandering en die wit baan het 'n puntige vorm na die rigting van die stok gekry en die blou en rooi bane puntige vorms na die teenoorgestelde kant. So is die vlag van die Republiek van Natalia ontwerp.

In 1843 het die Republiek Natalia egter saam met sy vryheidsvlag verdwyn in die maalkolk van die stryd met Groot-Brittanje.

Die vlag van die Republiek Natalia het die vlag van *Die Voortrekkers* geword op voorstel van mev. M. M. Jansen, die eerste onderhoofleier van *Die Voortrekkers*. Sy het ook die eerste vlag vir *Die Voortrekkers* eiehandig gemaak en dit is by die amptelike stigting van *Die Voortrekkers* in Bloemfontein op 30 September 1931 oorhandig.



Die lengte van die vlag is $1\frac{1}{2}$ maal sy breedte.

Die vlaggroottes is dieselfde as die van die nasionale vlag.

Die skerp punt van die wit baan is in die middel van die kant wat teenaan die paal vas is.

Vir *Die Voortrekkers* versinnebeeld elke kleur van die vlag een of ander deug, strewe of geskiedkundige gebeurtenis.

Die rooi - dapperheid en durf

Die wit - reinheid en vrede

Die blou - heldere en hoopvolle vooruitsig

Hierdie vlag van *Die Voortrekkers* wapper saam met die nasionale vlag op elke plek in ons vaderland waar daar Voortrekkers is. Bo ons hoof sprei dit oop in die helder lug as sinnebeeld van die ideale waaraan ook jy jou toewy. Saam met die wapen en die leuse vertel dit die hele verhaal van *Die Voortrekkers*.

8 SAMESTELLING (STRUKTUUR) VAN DIE VOORTREKKERS

8.1 DIE SPAN

'n Span bestaan uit jeuglede van 'n bepaalde ouderdomsgroep. Uit die spanlede word 'n spanleier asook 'n adjunkspanleier wat hom bystaan, verkies. Die spanleier dra twee oranje klokkes en die adjunkspanleier een oranje klokke. Die Penkop- en Drawwertjiespanne kan ook uit die spanleiers hoofspanleiers kies wat dan drie oranje klokkes dra.

8.2 DIE VELDKORNETSKAP

Spanne word saam gegroepeer in veldkornetskappe volgens die behoeftes van die kommando. Die leier van die veldkornetskap word 'n veldkornet genoem. Al die ander Offisiere wat spanne het en nie reeds 'n ander rang beklee nie, word adjudante genoem. Die veldkornet dra drie groen kompasse en die adjudante twee groen kompasse.

8.3 DIE KOMMANDO

Veldkornetskappe word weer saamgevoeg om 'n kommando te vorm. Die leier van die kommando word die kommandoleier genoem en hy word bygestaan deur adjunkkommandoleiers. Die getal adjunkkommandoleiers word bepaal volgens die behoeftes van die kommando. Die kommandoleier dra drie blou kompasse en die adjunkkommandoleier/s dra twee blou kompasse.

8.4 DIE OORD

Kommando's word as gevolg van hul geografiese ligging saamgegroeper in oorde. Kommandoleiers van die onderskeie kommando's vorm saam met die oorddagbestuur die oordbestuur. Die oordleier dra drie rooi kompasse en die adjunkoordleiers dra twee rooi kompasse.

- Skryf neer watter kommando's saam met jou eie kommando 'n oord vorm. _____

8.5 DIE GEBIED

Die Gebied is in oorde verdeel. Die oordleiers saam met die gebiedsdagbestuur vorm die gebiedsbestuur. Die gebiedsleier dra drie silwer wiele terwyl die adjunkgebiedsleiers elk twee silwer wiele dra.

8.6 DIE KONGRES EN HOOFBESTUUR

Die Kongres is die hoogste gesag in *Die Voortrekkers*. Die kongres word saamgestel uit hoofbestuurslede, afgevaardigdes van oorde, afgevaardigdes van kommando's en gebiedsjeugleiers.

Aangesien die kongres net elke vier jaar byeenkom, tree die hoofbestuur namens die kongres op. Die hoofbestuur bestaan uit die gebiedsleiers, 'n vasgestelde getal adjunkgebiedsleiers, skakeldraer van die staatmakers plus die hoofdagbestuur.

Wanneer die hoofbestuur nie in sitting is nie, tree die hoofdagbestuur op. Die hoofdagbestuur bestaan uit die hoofleier en soveel adjunkhoofleiers as waarop die hoofbestuur besluit. Die hoofleier dra drie pare gekruiste, goue fakkels en die adjunk-hoofleiers twee pare gekruiste, goue fakkels.

Van tyd tot tyd mag die struktuur verander soos die betrokke gebied besluit.

Om bogenoemde inligting meer verstaanbaar te maak, gee ons hier vir jou 'n opsomming van al die vlakke.

Plak of teken die rangkentekens van die verskillende vlakke by.

Bestuur	Rang	Kentekens
Hoofdagbestuur	Hoofleier	
	Adjunkhoofleier	
Gebiedsdagbestuur	Gebiedsleier	
	Adjunkgebiedsleier	
Oorddagbestuur	Oordleier	
	Adjunkoordleier	
Kommandodagbestuur	Kommandoleier	
	Adjunkkommandoleier	
Veldkornetskap	Kommandojeugleier (PD)	
	Kommandojeugleier (Verkenner)	
Span	Spanleier	
	Adjunkspanleier	

9 SEREMONIE EN SALUUTVAARDIGHEDE

9.1 INLEIDING

Ons gebruik algemene bewegings en seremonies om jou op te lei as formele leier.

Dit is eintlik 'n maklike manier om as leier op te tree, want jy weet presies wat jy moet sê en jou “volgeling” weet presies wat hulle moet doen. As jy dus die volgorde van die bevel ken, sal die seremonie glad verloop.

Maar onthou!

- Moenie die bevel soos 'n rympie leer nie, want as jy dalk vashaak kan dit jou hele seremonie beïnvloed. Maak liever seker dat jy die verloop van 'n seremonie verstaan. Met ander woorde, “besluit” wat die volgende bewegings moet wees, en gee dan die toepaslike bevel.
- Deelnemers moet 'n netjiese houding hê en die bewegings moet korrek en afgerond wees.
- Alle funksionaries by Voortrekkerseremonies moet Voortrekkerdrag dra.

9.2 LESSE UIT VOORTREKKERSEREMONIES

- As lid van 'n groep leer jy om met ander saam te werk.
- Jy leer om fyn na opdragte te luister.
- Jy leer om gesag te aanvaar deur die bevel uit te voer.
- Jy bring die nodige eer en respek aan ons simbole.
- Jy ervaar die gevoel van trots en prestasie as jy deel is van 'n netjiese seremonie.

9.3 SEREMONIEVAARDIGHEDE

Jy moet die volgende korrek en netjies kan doen:

Aandag	Halt
Op die plek rus	Saluut
Staan in rus	Links en regs rig
Links om	Oë front
Regs om	Uittree
Marsjeer	Omkeer

Al hierdie bewegings kan in die *Reglemente* en in die *Ondersteuningsboek vir Penkop- en Drawwertjie Offisiere* nageslaan word.

9.4 SALUUT

Die saluut is 'n teken van eerbetoen.

Die saluut word vanuit die “aandag”-posisie uitgevoer: Bring die regterhand flink na die linkerbors deur die kortste pad te volg met die vingers gestrek en die duim langs die wysvinger. Die hand kom tot stilstand met die gestrekte hand plat op die linkerbors en die punt van die middelvinger wat raak aan die middel van die sleutelbeen sodat die voorarm 'n hoek van 45 grade met die grond vorm. Die vingers, hand, gewrig en voorarm vorm 'n reguit lyn en die duim bly teenaan die vingers. Hierdie posisie word vir die tellings “twee drie” behou. Bring die hand netjies en flink af met die kortste pad na die “aandag”-posisie langs die sy sonder om die hand teen die klere te klap.

Oefen die saluut voor 'n spieël op die tellings, twee drie - op, twee drie - af, totdat dit flink en reg gedoen word.

9.5 LIEDERE, MUSIEK EN SALUUT TYDENS SEREMONIES


- Met vlagseremonies kan gepaste musiek, liederen en lirieke gespeel, voorgedra of gesing word, tydens die opdra en verwydering van vlag of voorbereiding vir hysing of stryking. Dit is die Voortrekkerlied, Vlaglied van Suid-Afrika of Namibië, Die Stem, Magaliesbergse aandelied, ensameer.
- Met finale eerbetoen aan die vlag (presenteer, vertoon, ontplooi, stryk) mag slegs die Nasionale Lied van Suid-Afrika en/of Namibië gespeel, voorgedra of gesing word.
- Met finale eerbetoen kan daar ook 'n tyd van stilte gehou word, maar dan mag die gehoor nie voor of na die finale eerbetoning tydens die vlagseremonie ander liederen sing of speel nie.
- Daar moet ten minste een keer tydens 'n vlagseremonie formeel saluut geneem word. Die saluut word geneem tydens die presentering, vertoning, met ontplooiing of tydens stryking van die onderskeie nasionale vlag. Die volwasse lid met die hoogste rang is verantwoordelik om toe te sien dat die saluut ordelik hanteer word. 'n Jeuglid, volwasse lid met 'n laer rang of 'n besoeker kan ook die saluut neem, maar net met die toestemming van die volwasse lid met die hoogste rang.
- Indien 'n saluutoffisier aangewys is, bly hy op saluut solank die betrokke nasionale Lied gesing of gespeel word. Die ander lede van *Die Voortrekkers* bly op aandag. Indien daar gesing word, sing hulle saam maar nie die saluutoffisier nie.

9.6 VOORAFREËLINGS VIR SEREMONIES

- Die graad 7-seremonieleier moet seker maak dat die volgende vooraf gereël en in plek is voor die aanvang van 'n vlagseremonie:
 - Saluutoffisier
 - Godsdiensoffisier
 - Vlagdraers: Een of twee lede vir elke vlag. Verkieslik vroulike en manlike lede. Die persoon wat die nasionale vlag dra, voer bevel oor die vlagdraers en hou telling waar nodig.
 - Merkers
 - Wys persoon aan wat telling vir die groot groep gaan hou, asook iemand wat vir die offisiere wat voor aantree gaan telling hou.
 - Seremonie behoorlik ingeoefen wees.
 - Vlagpale, toue en vlae moet reg wees.
- Wys vooraf 'n persoon aan wat die Nasionale lied gaan insit of begelei.
- 'n Toegerolde vlag word gedra op albei handpalms met die elmboë gebuig om 'n hoek van 90° te vorm terwyl die bo-arms teen die lyf gehou word en die balkies aan hulle regterkante is.
- 'n Oop vlag word oor die linkerskouer gedra met die balkie aan die voorkant.
- 'n Vlag op stok word teen 'n hoek van 45° gedra.

9.7 VLAGSEREMONIES

Alle Voortrekkers moet die vier basiese vlagseremonies wat in hierdie boek omskryf word behoorlik kan uitvoer.



A Vlaghysing

Stap	Bevel	Wie reageer	Wat gebeur
1		Seremonieleier	Sorg dat die seremoniegroep volgens reglement opgestel is. Sien skets bo. Neem plek in tussen vlagpale.
2	Voortrekkers. Aandag	Seremoniegroep	Almal kom op aandag.
3	Links en regs rig	Seremoniegroep	Slegs die voorste ry steek hulle arms na binne uit. Res van die seremoniegroep skuif in lyn met die voorste ry. Almal draai kop na binne. Binneste ry kyk na voor.
4	Oë front	Seremoniegroep	Voorste ry laat sak die arm en draai koppe na voor. Die funksionaris wat agter die vlagpale moet aantree beweeg na die aangeduide posisies.
5	Op die plek rus	Almal	Kom op die plek rus, behalwe die Vlagdraers.
6	Vlagdraers - na die vlagpale. Voorwaarts mars	Vlagdraers	Die Vlagdraers marsjeer vorentoe terwyl die seun, wat tussen die dogters loop, die pas aangee. Hulle skei sodra by voorste ry verby en halt gelyktydig een tree voor die vlagpale. Die seun staan reg voor die vlagpaal.
7	Maak gereed om die vlac te hys	Vlagdraers	Vlagdraers gee 'n flink tree vorentoe. Die seun maak die toue los en verbind die vlag aan die hystoue: die balkie deur die oog en die ander punt met 'n voorslagknoop. Trek die vlag tot ooghoogte op en wag vir die volgende bevel.
8	Voortrekkers. Aandag	Seremoniegroep	Almal kom op aandag.
9	Hys die vlac	Vlagdraers	Die vlac word flink gehys, die Nasionale vlag ongeveer 'n halwe vlagbreedte hoër as die Voortrekkervlag.
10	Ontplooï die vlac	Vlagdraers	Die Nasionale vlag word ontplooï en daarna die Voortrekkervlag.
		Saluutoffisier	Tree een tree vorentoe en salueer totdat die toepaslike lied klaar gesing is, tree een tree terug.
		Seremonieleier	Tree een tree terug. Na sang - tree een tree vorentoe.
		Vlagdraers	Na die sang; maak die toue om die paal vas met 'n kniehalterslag. Tree een tree terug en salueer die vlac.
11	Vlagdraers - Omkeer	Vlagdraers	Maak omkeer en wag op die volgende bevel.
12	Sluit aan by die Voortrekkers. Voorwaarts mars	Vlagdraers	Marsjeer tot 5 meter agter seremoniegroep, halt en maak 'n omkeer, kom op die plek rus.
		Seremonieleier	Wag tot Vlagdraers by voorste ry verby is.
13	Voortrekkers - Op die plek rus	Seremoniegroep	Kom op die plek rus.
		Seremonieleier	Tree een tree terug.
		Godsdiensoffisier	Tree een tree vorentoe.
14	Kom laat ons bid (Godsdiensoffisier)	Seremoniegroep	Seuns en mans verwyder pette/hoede. Voete in aandagposisie, dogters en dames vat hande voor saam, seuns en mans hande langs die sye. Almal buig die koppe. Bly so tot met Amen, keer terug na op die plek rusposisie.
		Seremonieleier	Tree een tree vorentoe.
		Godsdiensoffisier	Tree een tree terug.


Stap	Bevel	Wie reageer	Wat gebeur
		Seremonieleier	Wend na bevelvoerende offisier en vra: “ <i>Toestemming om Die Voortrekkers uit te tree</i> ”. Draai terug na seremoniegroep.
15	Voortrekkers. Aandag	Seremoniegroep	Seremoniegroep kom op aandag.
16	Uittree	Seremoniegroep	Seremoniegroep maak regsom en stap drie treë voordat hulle uitmekaar gaan.
		Seremonieleier	Maak omkeer en wend hom na die funksionaris agter vlagpale.
17	Offisiere - Uittree	Funksionaris agter die vlagpale	Maak regsom en stap drie treë voordat hulle uitmekaar gaan.
		Seremonieleier	Maak regsom en stap af.

B VLAGSTRYKING

Stap	Bevel	Wie reageer	Wat gebeur
1		Seremonieleier	Sorg dat seremoniegroep opgestel is volgens reglement. Sien skets bo. Neem plek in tussen vlagpale.
2	Voortrekkers. Aandag	Seremoniegroep	Almal kom op aandag.
3	Links en regs rig	Seremoniegroep	Slegs die voorste ry steek hulle arms na binne uit. Res van die seremoniegroep skuif in lyn met die voorste ry. Almal draai kop na binne. Binneste ry kyk na voor.
4	Oë front	Seremoniegroep	Voorste ry laat sak die arm en draai koppe na voor. Die funksionaris wat agter die vlagpale moet aantree beweeg na die aangeduide posisies.
5	Op die plek rus	Seremoniegroep	Kom op die plek rus.
6	Vlagdraers, aandag	Vlagdraers	Kom op aandag.
7	Vlagdraers, na die pale voorwaarts mars	Vlagdraers	Die Vlagdraers marsjeer vorentoe terwyl die seun tussen die twee dogters, die pas aangee. Hulle skei sodra by voorste ry verby en halt gelyktydig een tree voor die vlagpale. Die seun staan reg voor die vlagpaal. Salueer die vlæ.
8	Maak gereed om die vlæ te stryk	Vlagdraers	Vlagdraers gee 'n flink tree vorentoe. Die seun maak die toue los en hou dit vas.
9	Voortrekkers. Aandag	Seremoniegroep	Kom op aandag.
10	Stryk die vlæ	Vlagdraers	Die vlæ word gestryk, die Voortrekkervlag ongeveer 'n halwe vlagbreedte laer as die Nasionale vlag terwyl die Nasionale lied gesing word. Sodra die vlæ onder is en nadat die lied klaar gesing is, word die toue losgemaak en punte van die hystou aanmekaar geknoop met 'n voorslagknoop. Maak daarna die tou aan die paal vas met 'n Kniehelterslag.
			Seremonieleier tree een tree terug en terselfdertyd tree die

		Seremonieleier en Saluutoffisier	saluutoffisier een tree vorentoe. Saluutoffisier salueer solank gesing word. Een tree terug en seremonieleier weer een tree vorentoe.
11	Voortrekkers - op die plek rus	Seremoniegroep	Staan op die plek rus
		Vlagdraers	Pare draai na mekaar, neem vlae se punte in hande, seun hou balkie regs en elke paar tree een tree agteruit. Vou vlag twee keer dubbel, balkie steeds in seun se regterhand. Tree een tree vorentoe. Dogter vou vlag na soomkant twee keer dubbel en rol styf op. Seun bind rol met tou vas. Gee vlag oor aan die dogter met die balkie in haar regterhand, maak wending na die pale en tree een tree terug.
12	Vlagdraers omkeer	Vlagdraers	Vlagdraers maak omkeer.
13	Sluit aan by die Voortrekkers Voorwaarts mars	Vlagdraers	Marsjeer tot 5 treë agter die seremoniegroep, halt en maak 'n omkeer, bly op aandag staan.
		Seremonieleier	Wend na Bevelvoerende offisier en vra: <i>Toestemming om die seremonie uit te tree</i> . Draai dan terug na die seremonie.
14	Voortrekkers aandag	Seremoniegroep	Seremoniegroep kom op aandag.
15	Uittree	Seremoniegroep	Seremoniegroep maak regsom en stap drie treë voordat hulle uitmekaar gaan. Seremonieleier maak omkeer en wend hom na die funksionaris agter vlagpale.
16	Offisiere uittree	Funksionaris agter pale	Maak regsom en stap drie treë voordat hulle uitmekaar gaan.
		Seremonieleier	Maak 'n regsom en stap af.

Saluutoffisier Landsvlag Voortrekkervlag Seremonieleier

**C VLAGPRESENTERING**

Stap	Bevel	Wie reageer	Wat gebeur
1		Seremonieleier	Neem plek regs voor op die verhoog in. Kry aandag.
2	Vlagdraers, aantree	Vlagdraers	Vlagdraers neem agter in saal in die paadjies plek in. Die seuns aan die binnekant, hou die paal vas met linkerhand onder en regterhand bo, sodat vlag 45 grade na vore hang.
		Saluutoffisier	Neem plek links voor op die verhoog in.
3	Seremonieleier aan die gehoor.	Gehoor	Die gehoor word versoek om op die volgende bevel op aandag te kom, op aandag te bly tot aan die einde van die seremonie en saam te sing wanneer die Nasionale Lied aangehef word.
4	Voortrekkers aandag	Gehoor	Staan op en staan op aandag.
5	Vlagdraers, Voorwaarts mars	Vlagdraers	Beweeg vorentoe en gelyk by trappe op, die seun voor, halt op gemerkte plekke sodat vlae se bopunt sowat 10 cm van mekaar is, maak links- en regsom sodat hulle na die gehoor kyk.
6	Presenteer die vlae	Vlagdraers	Maak links- en regsom sodat hulle na mekaar kyk, die vlae se punte sowat 10 cm van mekaar. Die Nasionale lied word gesing.
		Saluutoffisier	Staan stil en salueer solank gesing word.
7	Vlagdraers, links- en regsom	Vlagdraers	Draai sodat hulle na die vlagstaander kyk.
8		Seremonieleier	Maak 'n regsom
9	Plant die vlae Voorwaarts mars	Vlagdraers	Marsjeer na staander en halt een tree vanaf staander, die seuns gee een tree vorentoe, plant eers die Nasionale vlag en dan die Voortrekker-vlag sodat die Nasionale vlag aan die linkerkant hang soos vanuit die gehoor gesien. Tree terug

			en albei pare salueer.
10	Vlagdraers, Omkeer	Vlagdraers	Maak omkeer.
11		Seremonieleier	Maak 'n linksom
12	Sluit aan by die gehoor - voorwaarts mars	Vlagdraers	Marsjeer links en regs van die verhoog af met die dogters voor. In die paadjie langs mekaar met die seuns in die middel, halt agter in die saal, maak 'n omkeer en tree uit.
13	Seremonieleier aan die gehoor. - Op die plek rus.	Gehoor	Gehoor gaan sit.
		Seremonieleier en saluutoffisier	Seremonieleier en saluutoffisier kyk na mekaar, knik koppe en verlaat die verhoog gelyktydig.

D VLAGVERWYDERING

Stap	Bevel	Wie reageer	Wat gebeur
1		Seremonieleier	Neem plek regs voor op die verhoog in. Kry aandag.
2	Vlagdraers - aantree	Vlagdraers	Vlagdraers neem agter in saal in die paadjies plek in. Die seuns aan die binnekant.
		Saluutoffisier	Neem plek links voor op die verhoog in.
3	Na die vlaf - Voorwaarts mars	Vlagdraers	Marsjeer na die verhoog en bestyg verhoog gelyktydig met seuns voor, halt een tree voor vlaf en salueer gelyktydig.
4	Seremonieleier aan die gehoor.	Gehoor	Die gehoor word versoek om op die volgende bevel op aandag te kom en op aandag te bly tot aan die einde van die seremonie en saam te sing wanneer die Nasionale lied aangehef word.
5	Voortrekkers aandag	Gehoor	Staan op en staan op aandag.
6		Seremonieleier	Maak 'n regsom
7	Verwyder die vlaf	Vlagdraers	Seuns beweeg vorentoe en verwyder die vlaf, eers die Voortrekkervlag en dan die Nasionale vlag. Tree terug.
8	Vlagdraers, omkeer	Vlagdraers	Maak 'n omkeer.

9	Vertoon die vlaf - Voorwaarts mars	Vlagdraers	Marsjeer tot voor op die verhoog en halt.
		Seremonieleier	Die Seremonieleier maak 'n linksom.
		Saluutoffisier	Salueer solank gesing word.
		Gehoor	Die Nasionale lied word gesing.
10	Versorg die vlaf - Voorwaarts mars	Vlagdraers	Dra die vlaf op 45 grade, maak 'n regsom en 'n linksom weg van mekaar, die dogters tree terselfdertyd een tree terug en die seuns stap van die verhoog af, dogters volg. In die paadjie af met seuns aan die binnekant, halt agter in die saal. Vlagdraers tree self uit. Maak vlaf los en vou op of rol vlaf om stok.
11	Voortrekkers - op die plek rus	Gehoor	Gaan sit
		Saluutoffisier Seremonieleier	Seremonieleier en saluutoffisier kyk na mekaar, knik koppe en verlaat die verhoog gelyktydig nadat die vlagdraers uitgetree het.

10 SPESIALISASIES

10.1 ONS BEPLAN OM VANJAAR VAN DIE VOLGENDE SPESIALISASIES TE DOEN:


Ek as mens	Ek in my Omgewing	Ek as Voortrekker	Ek as Afrikaner	Ek as Landsburger
	Veldbewustheid (C)		Afrikanerkind (C)	Medemens (C)
	Waterbewustheid (C)		Godsdiens (C)	
	Strandbewustheid (C)		Erfgrond (C)	

10.2 EK HET DIE VOLGENDE SPESIALISASIE VOLTOOI EN HET KENTEKENS DAARVOOR ONTVANG.

Naam van Spesialisasie	Dit het gehandel oor:

EK AS AFRIKANER

1 WAT MAAK VAN MY 'n AFRIKANER?




Al bogenoemde aspekte saam vorm 'n bepaalde manier van dinge doen. Dit word ook 'n groep se kultuur genoem. Kultuur is nie staties nie, maar ontwikkel saam met die groep wat die besondere leefwyse beoefen.

1.1 MY GEBOORTELAND:

As jy in Suid-Afrika/Namibië gebore is en jou ouers is Afrikaanssprekend, dan is jy 'n Afrikaner van geboorte. Is jy dalk in 'n ander land gebore, maar jou ouers is Afrikaners met burgerskap in die land, dan is jy 'n Afrikaner, want jy is 'n afstammeling van Afrikaners.

1.2 MY MOEDERTAAL

Ons taal het in Suid-Afrika ontstaan en is nie iets wat ons van 'n ander volk oorgeneem het nie. Die taal het ontwikkel uit verskillende tale naamlik Nederlands, Frans, Duits, Engels, van die Oosterse tale en ook van die inheemse swart tale. Afrikaans groei nog steeds en ontwikkel saam met die volk wat dit praat. Dit is 'n taal wat groei solank dit gebruik word.



1.3 HERKOMS EN GESKIEDENIS (VERLEDE)

Net soos 'n familie sekere gebeure en persone het wat hulle aanmekaar bind, so het 'n volk ook gebeure

(geskiedenis) en persone wat vir hulle baie gedoen en beteken het. Omdat elke mens iewers wil behoort is ons lief vir ons familie, want daar hoort ons. Dit is dieselfde met 'n volk. Hulle hoort saam omdat dieselfde gebeure hulle bind, bly maak, hartseer of kwaad maak.

1.4 ONS LEEFWYSE VANDAG (HEDE)

Afrikaners het soos elke volk op aarde 'n unieke manier van dinge doen soos ons Godsdiensoefening, sportsoorte, huise, geregtelike, kleredrag, leefstyl en musiek.

A Ons ideale (toekoms)

Geen mens kan leef sonder ideale nie. So ook nie 'n volk nie. 'n Volk kan net ideale hê as hy in homself glo. Elkeen moet sy deel doen om die Afrikanervolk 'n trotse volk te hou.

B Geestelike waardes

Die Afrikaner was nog altyd gesien as 'n gelowige volk wat sy lewe rig volgens die Bybel en daarvolgens lewe. Geen mens en so ook 'n volk kan sinvol bestaan sonder God nie. Hier kan ons met groot vrymoedigheid op ons menseregte staan.

2 DIE GESKIEDENIS VAN DIE AFRIKANERVOLK –GEWOND MAAR ONOORWONE

Net om julle gedagtes te verfris stap ons gou terug waar jul begin het op die Afrikaner se lewenslyn van die begin tot waar ons nou staan.

- Gr 1 Bartolomeus Dias het Afrika se kuslyn verken en het heelwat kruise langs die kus geplant.
- Gr 2 Jan van Riebeeck en die Vryburgers het aan die Suidpunt van Afrika 'n verversingspos kom stig vir voedsel aan verbygaande skepe.
- Gr3 Die Britse setlaars en die Franse Hugenote het hulle hier kom vestig.
- Gr 4 Die Groot Trek
- Gr 5 Die ontdekking van goud en diamante in Suid-Afrika en Namibië.
- Gr 6 Die Anglo-Boereoorlog tot by die Vrede van Vereeniging.
- Gr 7 Die laaste eeu.

2.1 TYDPERK EEN - 1902 TOT 1910 - UNIEWORDING

Na die Vrede van Vereeniging, wat onderteken is by Melrose Huis in Pretoria, is die Boere terug na hul verwoeste plase. Die lewe op die dorpie en in die stede het stadigaan teruggekeer na normaal.



Melrose Huis

Die Afrikaner was teen die grond. Hul plase was verwoes, lede van hul gesinne het in die oorlog gesterf.

Die Afrikaner moes begin om 'n bestaan te maak uit niks. Dit was juis in hierdie tye wat die Afrikaner hul staal gewys het om weer alles op te bou wat gedurende die oorlog vernietig was.



Vernielde plase

Die simboliek van die Vredesmonument by Vereeniging omskryf die situasie mooi.



Gewond maar onoorwone

Ook op politieke gebied het daar voortdurend veranderinge plaasgevind. Engeland het die vier provinsies, Kaap, Vrystaat, Transvaal en Natal saamgevoeg in 'n Unie met een sentrale regering onder die Britse koningshuis.

Op 31 Mei 1910 kom die Unie van Suid-Afrika tot stand.

Generaal Louis Botha, wat 'n generaal in die Anglo Boereoorlog was, word Suid-Afrika se eerste Eerste Minister met Uniewording in 1910.



2.2 TYDPERK TWEE - 1914 - DIE REBELLIE

Na die Anglo Boereoorlog het Afrikaners baie verskillende gevoelens gehad teenoor Engeland. Party van die politieke leiers het gevoel bande moet weer verstewig word met Engeland terwyl ander glad nie met Engeland wou saamwerk nie. Dit het baie konflik tussen die Afrikaners veroorsaak.

In 1914, tydens die Eerste Wêreldoorlog veg Engeland teen Duitsland. Duitsland was in beheer van Suidwes-Afrika (nou Namibië). Generaals Louis Botha en Jan Smuts, het saam met Engeland teen Duitsland in Suidwes geveg.



Jan Smuts

Baie Afrikaners soos general JBM Hertzog was opstandig want hulle wou nie teen Duitsland veg nie en ook nie saam met die Engelse nie. Die Anglo-Boereoorlog was nog te vars in hulle geheue.

Genl JBM Hertzog het die Afrikaners se saak in die parlement gaan stel. Die regering wou egter nie gehoor gee nie en het voortgegaan met die plan om Engeland in oorlog te ondersteun teen Duitsland.



Genl. JBM Hertzog

Daar het toe 'n Rebelle uitgebreek omdat Afrikaners in opstand gekom het teen die regering se besluit. Baie rebelle is gevange geneem en na interneringskampe gestuur. Op 'n stadium was daar tot 'n 1000 mans in een so 'n kamp. Sommige rebelle, veral die leiers is ter dood veroordeel en tereggestel. Lees die verhaal van Jopie Fourie wat van hoogverraad aangekla was.



Jopie Fourie

2.3 TYDPERK DRIE - 1919–1922 - DIE MYNSTAKINGS

Baie boere kon nie 'n bestaan maak op hulle plase na die oorlog nie en het stad toe getrek om op die myne te gaan werk.

Die mynwerkers was ontevrede oor hulle swak lewensomstandighede. Die prys van goud en diamante het ook drasties gedurende die Eerste Wêreldoorlog gedaal. Dit het die land ekonomies laat swaar kry. Talle mynwerkers is afgedank in 1922.

Die mynwerkers het begin staak. Kommandos is op die been gebring om die stakers te beskerm. Die regering was aan die kant van die mynbase, want mynbelasting het inkomste vir die regering beteken. Die staking is onderdruk en uitbuiting van die mynwerkers is voortgesit.



Foto van staking

Politieke partye met verskillende standpunte het ontstaan. Tog groei Afrikanernasionalisme. In 1919 word Suidwes Afrika aan die Unie van Suid-Afrika as 'n mandaat toegeken.

2.4 TYDPERK VIER 1930-1933 DIE DEPRESSIE EN DIE GROOT DROOGTE

Depressie breek oorsee uit en groot droogtes volg in die Suidpunt van Afrika.

In dieselfde tydperk het die Dorslandtrekkers, wat in ongeveer 1870 uit Suid-Afrika getrek het, teruggetrek uit Angola omdat hulle geen godsdienstvryheid daar gehad het nie. Hulle het hulle in Suidwes-Afrika gevestig, geboer, en skole opgerig, en 'n groot bydrae gelewer tot die ekonomie.

In Amerika en Europa het geld skielik waardeloos begin word niemand kon meer koop of verkoop nie. So 'n toestand word 'n depressie genoem wat spoedig oorgespoel het na Suid-Afrika. Finansieel het die ons land gaan stilstaan. Wol en mieliepryse het skerp gedaal, produkte kon nie van die hand gesit word nie en die myne het swaar gekry.

Talle werkers is afbetaal en duisende mense was werkloos, baie boere en besighede het bankrot gespeel.

In 1932 tot 1933 beleef ons in Suid-Afrika 'n droogte soos mense nog nooit voorheen ervaar het nie. Geleidelik het die situasie darem begin herstel en die Afrikaner het homself ook uit die ellende gelig.



2.5 TYDPERK VYF 1948 DIE NASIONALE PARTY

Om sy eie saak te bevorder en beskerm het die Nasionale Party 'n beleid van segregasie (apartheid) begin volg. Die bedoeling was dat elke kultuurgroep in die land, sy eie kultuur sal uitbou, en omsien na sy behoeftes.

Aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog gee Brittanje Suidwes-Afrika as 'n mandaat vir Suid-Afrika. Suid-Afrika bestuur Suidwes -Afrika as 'n vyfde provinsie.

Hoewel die apartheidsbeleid goed bedoel was, het dit nie gewerk nie. Die wêreld het daarom teen Suid-Afrika gedraai en sanksies toegepas. Dit het meegebring dat Suid-Afrika geïsoleerd was en dus nie aan sport soos die Olimpiese spele kon deelneem nie. Ons het nie radio of televisie uitsendings van oorsese lande ontvang nie. Dit was baie moeilike tye in ons geskiedenis. Op sport-, wetenskaplike en gesondheidsgebiede het ons begin agter raak.



Die Afrikaner het die druk so goed as moontlik verwerk en het onder moeilike omstandighede tog groot hoogtes bereik. In 1965 byvoorbeeld het Professor Christiaan Barnard oornag internasionaal bekend geword toe hy in Suid-Afrika die eerste hartoorplanting in die wêreld op 'n mens gedoen het.



Christiaan Barnard



Anton Rupert

2.6 TYDPERK SES 1960 DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Ons was as die Unie van Suid-Afrika nog deel van die Britse Statebond. Ons lidmaatskap van die Statebond het nie vir ons veel beteken nie want almal het sanksies teen Suid-Afrika toegepas.

'n Behoeftelike het in die land ontstaan om 'n republiek te word. Dr H.F. Verwoerd het 'n referendum uitgeroep om te stem vir of teen 'n republiek. Met 'n oorweldigende meerderheid is ten gunste van 'n republiek gestem.

Na 'n lang stryd vir selfregering word Suid Afrika op 31 Mei 1961 'n republiek, vyftig jaar na Uniewording met Die Stem as volkslied en die Oranje blanje blou vlag as landsvlag.



Dr HF Verwoerd

Adv.C.R. Swart word verkies as ons eerste staatspresident.



Adv. CR Swart

Die nuwe republikeinse regering het voortgegaan met die beleid van aparte ontwikkeling. Suid-Afrika is geleidelik uitgebou tot 'n nywerheidsreus en leier in Afrika op talle terreine. Met die jare het die burgers van die land se lewensgehalte ook aansienlik verbeter.

Die volgende prente wys die simbole en hoofstede wat in die republiek gebruik is:

	Pretoria die administratiewe hoofstad		Kaapstad die wetgewende hoofstad
	Bloemfontein die geregtelike hoofstad		Suid-Afrika se landswapen
	Suid-Afrika se landsvlag		Die Stem van Suid- Afrika as nasionale lied

Die Stem van Suid-Afrika

Geskryf deur C J Langenhoven en getoonset deur ML de Villiers

<i>Uit die blou van onse hemel, uit die diepte van ons see Oor ons ewige gebergtes waar die kranse antwoord gee, Deur ons vér-verlate vlaktes met die kreun van ossewa - Ruis die stem van ons geliefde, van ons land Suid-Afrika. Ons sal antwoord op jou roepstem, ons sal offer wat jy vra: Ons sal lewe, ons sal sterwe, ons vir jou, Suid-Afrika.</i>	<i>In die songloed van ons somer, in ons winternag se kou, In die lente van ons liefde, in die lanfer van ons rou, By die klink van huwe'liksklokkies, by die kluithap op die kis - Streel jou stem ons nooit verniet nie, weet jy waar jou kinders is. Op jou roep sê ons nooit nee nie, sê ons altyd, altyd ja: Om te lewe, om te sterwe - ja, ons kom, Suid-Afrika.</i>
<i>In die merg van ons gebeente, in ons hart en siel en gees, In ons roem op ons verlede, in ons hoop op wat sal wees, In ons wil en werk en wandel, van ons wieg tot aan ons graf - Deel geen ander land ons liefde, trek geen ander trou ons af. Vaderland! ons sal die adel van jou naam met ere dra: Waar en trou as Afrikaners - kinders van Suid-Afrika.</i>	<i>Op u Almag vas vertrouend het ons vadere gebou: Skenk ook ons die krag, o Here! om te handhaaf en te hou - Dat die erwe van ons vaad're vir ons kinders erwe bly: Knegte van die Allerhoogste, teen die hele wêreld vry. Soos ons vadere vertrou het, leer ook ons vertrou, o Heer: Met ons land en met ons nasie sal dit wel wees, God regeer.</i>

2.7 TYDPERK SEWE 1990 NAMIBIË

In Suidwes-Afrika het Swart nasionalisme en 'n strewe na onafhanklikheid ook begin opvlam.. Na 'n lang Grensoorlog raak die VVO betrokke by Suidwes-Afrika. Swapo wen die verkiesing en op 21 Maart 1990 word Suidwes-Afrika onafhanklik. Die nuwe naam is Namibië met 'n nuwe vlag, wapen en nasionale lied.

2.8 TYDPERK AGT 1994 ANC (AFRICAN NASIONAL CONGRESS)

In Suid-Afrika het niks in die politiek verander na republiekwording nie. Ander lande was nog teen ons beleid en die bestuur van ons land. Die regering het besef dat 'n politieke verandering moet plaasvind.

Die toenemende druk van sanksies en binnelandse druk wat ook voortdurend toeneem het, het die regering genoodsaak om na ander moontlikhede te kyk.

Die regering onder leiding van FW de Klerk het besluit om apartheid af te skaf en om die swart leiers soos Nelson Mandela uit die tronk vry te laat. Die beleidsverandering is deur die wêreld verwelkom.



Die ANC het die verkiesing gewen en op 10 Mei 1994 is Nelson Mandela ingehuldig as staatspresident van Suid-Afrika.

3 TERMINOLOGIE

Demokrasie	'n Regeringsvorm van verteenwoordigers deur die hele bevolking gekies en word gekenmerk deur vryheid van spraak.
Grondwet	Die wet wat die regeringsvorm van die staat, die funksies van die staatsinstansies en die verpligtinge en regte van landsburgers bepaal. Ook genoem die konstitusie.
Beleid	Die program vir die bestuur van iets (land)
Beleidsverandering	Wanneer 'n beleid wat deur 'n politieke party gevolg word, verander as gevolg van omstandighede of 'n ander party wat aan bewind kom.
Segregasie (apartheid)	Wanneer mense op grond van hulle ras, klas of etniese voorkoms in groepe geskei word.
Depressie	Tydperk van insinking, swak verkope, lae pryse en werkloosheid.
Staking	Wanneer mense as 'n groep weier om verder te werk omdat hulle ontevrede is oor 'n saak of optrede of omdat hulle ander werksomstandighede eis.
Interneringskamp	'n Kamp waarheen "soldate", wat gevang is tydens gevegte, gestuur word om hul uit die gevegsfront te haal.
Rebelle	Mense wat in opstand kom teen die wettige owerheid.
Hoogverraad	Misdadige optrede om die regering van die staat omver te werp.
Fusilleer (terreggestel)	Wanneer 'n persoon deur 'n vuurpeleton geskiet word nadat hy aan 'n politieke misdaad skuldig bevind is, soos Hoogverraad.
Unie	Wanneer 'n land of staat deur 'n ander staat of land regeer word en nie sy eie besluite kan neem nie.
Republiek	'n Regeringsvorm waar die land se burgers deur 'n verkiesing die regerende party aanstel. 'n President is die staatshoof.
Administratiewe hoofstad	Waar die bestuur van die land plaasvind. (Uniegebou – Pretoria)
Wetgewende hoofstad	Waar die parlement sitting neem en waar die wette gemaak word. (Parlementsgebou – Kaapstad)
Geregtelike hoofstad	Waar die hooggeregshof is. (Bloemfontein)

VVO (VN) (Verenigde Volke Organisasie)	Wereldwye organisasie vir vrede, hulp en bystand.
Revolusie	Wanneer sy volk teen sy regering in opstand kom.
Sanksies	Wanneer 'n land in isolasie geplaas word, en daar geen handel met ander lande mag plaasvind nie.
Outokrasie	Outokrasie is wanneer een persoon die land regeer en besluite neem.
Referendum	Dis 'n Volkstemming wat gehou word oor 'n saak waarvoor 'ja of nee' gestem word.
Kleurbeleid	Bevolkingsgroepe soos swart, wit, kleurlinge word geskei in sport, skole, openbare vervoer, ontspanning en woongebiede.
Nasie	'n Nasie word saamgestel uit verskillende rasse, volke en individue. Dis al die mense wat binne dieselfde landsgrense woon. Nasie is politieke eenheid.
Volk	Groep mense wat dieselfde taal, kultuur en historiese ontwikkeling besit. Volk is kulturele eenheid.
Ras	Groep mense van 'n gemeenskaplike afkoms wat gekenmerk word aan uiterlike ooreenkomste, dieselfde belange en gewoontes. Ras is biologiese eenheid.
Kultuur	Dis die dinge wat 'n groep mense op dieselfde manier doen. Dit sluit goed in soos eetgewoontes, ontspanning en vermaak. Bv. Die Afrikaner is lief vir vleisbraai, dans, musiekfeeste en rugby.

EK AS LANDBURGER

1 DIE NASIONALE LIED

Sedert 1994 is Die Stem van Suid-Afrika en Nkosi sikelel'i Afrika albei as die Nasionale Lied van Suid-Afrika gesing. Dit was baie lank en dus onprakties. Op 10 Oktober 1997 is 'n meertalige gekombineerde lied as Nasionale Lied van Suid-Afrika afgekondig

1.1 NASIONALE LIED VAN SUID-AFRIKA.

*Nkosi Sikelel' i Afrika
Malupha kanyisw' uphondo lwayo
Yizwa imithandazo yethu
Nkosi sikelela, thina lusapholwayo*

*Morena boloka setjhaba saheso
ofedise dintwa lematshwenyeho
O se boloke, O se boloke,
Setjhaba sa heso
Setjhaba sa, South Afrika,
South Afrika.*

*Uit die blou van onse hemel,
uit die diepte van ons see,
oor ons ewige gebergtes
waar die kranse antwoord gee*

*Sounds the call to come together
and united we shall stand,
Let us live and strive for freedom
in South Africa our Land*

1.2 DIE NASIONALE LIED VAN NAMIBIË

*Namibia, land of the brave.
Freedom fight we have won.
Glory to their bravery
whose blood waters our freedom.
We shall give our love and loyalty
together in unity.*

*Beloved land
of savannahs
hold high the banner of liberty.
Namibia, our country,
Namibia, motherland, we love thee.*

1.3 GELEENTHEDE WAARTYDENS DIE NASIONALE LIED GESING WORD:

Die lied word slegs gesing by geleenthede wat dit waardig is, te midde van eerbiedige aandag deur almal teenwoordig.

Die Voortrekkergeleenthede is:

- Vlagseremonies
- Volksfeeste
- Voortrekkerbyeenkomste

1.4 KORREKTE OPTREDE TYDENS DIE AANHOOR EN SING VAN DIE NASIONALE LIED**1. Voortrekkers in formele drag:**

- Alle Voortrekkers staan op aandag.
- Hoogste gesag salueer vir die duur van die lied.
- Die saluutoffisier sing uit eerbied nie saam nie.
- As die lied deel van 'n opvoering is, bly die gehoor sit.

**2. 'n Ander land se Nasionale lied:**

- Voortrekkers staan stil en luister met eerbied.
- Niemand hoef te salueer nie.

1.5 DIE VLAGLIED

Die betekenis van 'n eie nasionale vlag word nêrens mooier en meer treffend besing as in die woorde van C J Langenhoven se Vlaglied nie.

Die Vlaglied is slegs die laaste strofe van die gedig "Ons eie vlag" wat deur F. J. Joubert getoonset is.

ONS EIE VLAG

*Nooit hoef jou kinders wat trou is te vra:
Wat beteken jou vlag dan, Suid-Afrika? -
Ons weet hy's die seël van ons vryheid en reg
Vir naaste en vreemde, vir oorman en kneg;
Die pand van ons erfnis, geslag op geslag,
Om te hou vir ons kinders se kinders wat wag;
Ons nasie se grondbrief van eiendomsland,
Uitgegee op gesag van die Hoogste se hand.
Oor ons hoof sal ons hys, in ons hart sal ons dra,
Die vlag van ons eie Suid-Afrika.*

Die Vlaglied kan met trots gesing word, veral by die seremonies van vlaghysing en vlagpresentering.

NAMIBIËSE VLAGLIED

*Suid-wes in Afrika lê ons land
vanaf die woestyn aan die weste kant
Oor goud-geel savannas - sentrale hoogland
tot die ooste se rooi kalahari sand*

*Triomfantlik wapper ons land se vlag
in sy vrolike helder kleurige prag
Die groen staan vir landbou, die goud staan vir
lewe
Die rooi vir ons mense die wit is vir vrede
en blou vir ons lug, ja, so lyk ons vlag
Die simbool van ons vryheid, die kern van ons
krag*

*Namibië land van ons liefde en lyding
vir jou dien ons altyd met groot toewyding
Namibië land van vrede en vreugde
vir jou wil ons dien met die beste van deugde*

*Triomfantlik wapper ons land se vlag
in sy vrolike helder kleurige prag
Die groen staan vir landbou, die goud staan vir
lewe
Die rooi vir ons mense die wit is vir vrede
en blou vir ons lug, ja, so lyk ons vlag
Die simbool van ons vryheid, die kern van ons
krag*

2 DIE NASIONALE VLAG**2.1 DIE NASIONALE VLAG VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Datum van ingebruikneming: 27 April 1994.

Die vlag se lengte is altyd 1½ maal die breedte.

Die standaardgrootte van die nasionale vlag is 180 x 120 cm.


Die stormvlag van 90 x 60 cm word net in slegte weer, soos in reën en sterk wind, gehys.

Die seremoniële vlag van 270 x 180 cm word slegs in besondere omstandighede aan 'n prominente paal gebruik.

Die nasionale vlag van die Republiek van Suid-Afrika vervang die vorige nasionale vlag wat van 31 Mei 1928 tot 26 April 1994 oor Suid-Afrika gewapper het. Die ontwerp van hierdie nuwe nasionale vlag en die kleure wat daarin voorkom, is 'n samevatting van die vernaamste elemente van Suid-Afrika se vlaggeskiedenis vanaf die vroegste dae tot die hede.

Die rissierooi (rooi/oranje), wit en blou kom uit die vroegste tye van ons vlagkundige geskiedenis, terwyl groen, swart en goud tydens die negentiende eeu in Suid-Afrikaanse nasionale vlage opgeneem is.

Die sentrale ontwerp is in die vorm van 'n Y. Vanaf die vlagpaal strek die Y vanuit die hoeke na die middel van die vlag, waarvandaan dit in 'n enkel baan eindig. Dit simboliseer die ineenskakeling van verskeie kulture in Suid-Afrika, wat saam die pad vorentoe aandurf.



2.2 DIE NASIONALE VLAG VAN NAMIBIË

Datum van ingebruikneming: 21 Maart 1990.


Die vlag se lengte is altyd $1\frac{1}{2}$ maal die breedte.

Die standaardgrootte van die nasionale vlag is 180 x 120 cm.

Die stormvlag van 90 x 60 cm word net in slegte weer, soos in reën en sterk wind, gehys.

Die seremoniële vlag van 270 x 180 cm word slegs in besondere omstandighede aan 'n prominente paal gebruik.

Die vlag het 'n rooi baan wat diagonaal oor die vlag van onder teen die vlagpaal tot bo weg van die vlagpaal strek. Die bokant van die vlag word gevul met 'n blou vlak wat met 'n dun wit baan van die rooi geskei is. Die onderkant van die vlag word gevul met 'n groen vlak wat met 'n soortgelyke dun wit baan van die rooi geskei word. In die middel van die blou vlak is 'n geel son geplaas.



3 NASIONALE WAPENS

3.1 DIE NASIONALE WAPEN VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN NAMIBIË



Republiek van Suid-Afrika



Namibië

4 GRAAD 7 – BELOFTE SPESIALISASIES

Daar is vier belofte spesialisies met die Penkop- en Drawwertjiebelofte in gedagte, wat jy slegs in jou graad 7-jaar kan doen.

**Ek sal oral en altyd probeer om 'n Voortrekker te wees,
om gehoorsaam te wees,
om my volk (Afrikanerkind), my land (Erfgrond) en my medemens (Medemens) te dien
en bo alles die Here (Godsdiens) lief te hê.**

Die belofte spesialisasies is:

Afrikanerkind: (volk) wat handel oor verskillende fasette van ons volk se geskiedenis en kultuur.

Erfgrond: (land) wat handel oor ons natuurêre erfenis en die bewaring daarvan.

Medemens: (naaste) wat handel oor jou optrede teenoor ander en jouself.

Godsdiens: (God) wat handel oor jou verhouding met God die geskiedenis van die Bybel.

5 DIE VERKENNER

Die hoërskool sal baie nuwe dinge aan jou bekend stel. Jou dagprogram sal vol wees en omdat elke dag net 24 ure het, moet jy mooi dink watter aktiwiteite werklik vir jou en jou toekoms van waarde sal wees.

Die Verkennerloopbaan bied aan jou die geleentheid om ten volle as mens te ontwikkel. Al glo jy dit dalk nie nou nie, het menige al deur die jare gesê: “As ek maar net vroeër geweet het wat Voortrekkers alles vir my sal beteken, sou ek baie meer daarin gesit het.”

As Verkenner sal jy leer om:

- Verantwoordelikheid te aanvaar
- Keuses te maak
- Diens te lewer
- Leiding te neem
- Met visie te beplan
- Vaardighede te ontwikkel
- Gedissiplineerd op te tree

In graad 12, kan die jeuglid een van twee toekennings ontvang: Dit is die Hoofleierswagtoekenning of die Presidentverkenner toekenning.

Wat word van jou verwag as Verkenner?

- Stel jou talente tot beskikking van die span en *Die Voortrekkers*
- Wees vriendelik en hoflik
- Wees positief oor *Die Voortrekkers* en jou spanmaats
- Geniet alles en maak Voortrekkerwees lekker vir jou en almal om jou
- Wees pligsgetrou
- Woon die byeenkomste en aktiwiteite getrou by
- Dissiplineer jouself

Ons het mekaar nodig om te beplan en te doen,

te dien en te dra, swaar te kry en lekker te kry,